

# Koringfokus

# Wheat focus

VOL 37.1

JANUARY • FEBRUARY 2019

Zim se roes  
kan na SA oorwaai

GARS SE  
WENBOERE



# GESONDE GROND

IS 'N KRITIESE SUKSESAKTOR OM EFFEKTIEWE PRODUKSIE EN VOEDSELVEILIGHEID VIR 9 MILJARD MENSE TEEN 2050 TE VERSEKER

## WAARUIT BESTAAN GROND?



## GESONDE GROND LEI TOT GESONDE



## WAAROM IS GRONDGESONDHEID BELANGRIK?

Grondgesondheid vorm die basis van 'n suksesvolle oes met voordele wat oorspoel na die kwaliteit van die oes asook volhoubare winsgewende landbou.

### GESONDE GEWASSE

'n Pro-aktiewe ingesteldheid op grondgesondheid verseker die optimalisering van insetkoste en skep omgewings vir optimale plaagbeheer.

### GESONDE PRODUKSIE EENHEDE

Gesonde grond bevat organiese materiaal wat bydra tot oeste wat opbrengste maksimeer wat lei tot volhoubare winsgewende plase.


### GESONDE EKOSISTEEM

Die organiese materiaal in gesonde grond skep 'n omgewing waar voordelige mikro en makro organismes kan floreer wat bydra tot biodiversiteit.

### GESONDE VOEDSEL

Gesonde grond bevat die nodige elemente wat plante voed om verhoogde voedingswaarde, geur en smaaklikheid te bevorder.

## HOE KRY MENS GESONDER GROND?



GESONDE GROND VEREIS 'N BALANS TUSSEN DIE CHEMIESE, FISIESE EN BIOLOGIESE EIENSAPPE VAN DIE GROND.

## WAT DOEN NEXUS<sup>AG</sup> OM GRONDGESONDHEID TE BEVORDER?

NEXUS<sup>AG</sup> MEET EN ANALISEER AL DIE FAKTORE WAT BYDRA TOT GESONDE GROND MET BEHULP VAN GRONDKARTERING EN GRONDMONSTERNEMING.



HIERDIE DATA WORD VERVAT IN NEXUS<sup>AG</sup> GRONDGESONDHEID-BESTUURSPLANNE



NEXUS<sup>AG</sup> INKORPOREER DIE DATA IN MAATPAS GEWASBESTUURSPROGRAMME.



PRODUKTE WORD TEGNIES KORREK EN KOSTE EFFEKTIEF AANGEWEND EN GEMONITOR



FISIESE EN CHEMIESE REGSTELLINGS WORD GEDOEN



METINGS WORD GENEEM OM DEURLOPENDE VERBETERING EN VORDERING TE MONITOR



**nexus**<sup>AG</sup>  
CUSTOMISED CROP SOLUTIONS

KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING:

021-860 8040

[www.nexusag.net](http://www.nexusag.net)



# Koringfokus

## Wheat focus

VOL 37.1

JANUARIE • FEBRUARIE 2019

### VOORBLAD:

AB InBev se Suid-Afrikaanse Brouery strewde steeds daarna om slegs plaaslike grondstowwe vir bierproduksie te gebruik. Daarvoor vra hulle produsente se ondersteuning en onderneem ondersteuning aan kommersiële en ontwikkelende boere.

### Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graaninligtingsdiens; SA Graanlaboratorium; die Wintergraantrust; SA Kultivar- en Tegnologie-agentskap; Grain Farmer Development Association  
**Gratis beskikbaar aan bona fide-kleingraanprodusente**



**MEDIAKOM**

### Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekeneare:

**Mediakom  
Posbus 20250  
Noordbrug  
2552**

Tel: 018 293 0622

E-pos: info@mediakom.co.za  
www.mediakomcc.co.za

**REDAKTEUR:** Willie Louw  
**ADVERTENSIES:** Jana Greenall  
011 476 3702

**UITLEG:** Roelien van der Westhuizen  
072 930 6721

### KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Regstellings word net oorweeg indien 'n tipografiese fout die bemerkingswaarde van 'n advertensie/promosie verminder.

REEDS 37 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 37 YEARS

### AGRI-INFO

- 4 Overbergers wen SA se graanboerkroon
- 4 Frankryk vereer landbouleier in SA
- 5 Ceres-boer wen skrywers se nasionale titel
- 5 Verbasende kanola-opbrengste in kompetisie
- 6 Verbruikers se broodkeuses oor 70 jaar
- 8 Agbiz sien geleenthede te midde van groter druk
- 8 CropLife launched new website
- 9 Eskom knyp landbousake seer
- 11 South African agricultural economy recovers in Q3, 2018
- 14 Kanola-kultivars wys hul staal
- 16 Koringforum bereik sommige mikpunte vir herlewing
- 17 Trust versoek navorsers om saam te werk
- 17 'Nuwe' landboumaatskappy is positief oor SA se landbou
- 22 Graanlaboratorium onderskei hom met standaarde en erkenning
- 23 Grondgesondheid: Die belangrikste skakel in volhoubare voedselproduksie
- 26 SAB mik steeds na meer plaaslike inhoud
- 27 Gars se wenboere in besproeiing aangewys
- 28 Kleinboere kry bystand in garsproduksie
- 29 'Grond-spons' se voeding en vog verhoog opbrengste

### KLEINGRAAN

- 10 Nuwe roesrasse verg verhoogde bewusheid en verskerpte monitering
- 12 Eenstemmigheid oor koring se nuwe gradering
- 12 "Produsente kan baat by nuwe graderingstelsel" - teler

### SKOG

- 18 Swartland-boere kry raad oor toekoms
- 19 Afrika se aanwas en ekonomie is uit pas
- 20 Steenbok-koring is baie belowend in die Swartland

### MARKET-INFO

- 24 Vervaardiging van koringprodukte



10

Wees wakker vir roesrasse



18

Skog-boeredag



26

SABBI se garskultivars

# Overbergers wen SA se graanboerkroon

**DIE VAN AS-BROERS VAN** die plaas Kinko in Swellendam se distrik in die Overberg, Dirkie en Johan, is as Graan SA/ Syngenta se Graanprodusent van die Jaar aangewys.

Dirkie fokus op die Van As Broers (Edms) Bpk se graanvertakking en Johan op die veevertakking en finansies. Die saai- boerdery bestaan uit koring, kanola, gars en lusern op ongeveer 8 700 ha. In die veevertakking het die boerdery 'n stoet- en kommersiële skaapboerdery. Die broers boer sedert

1994 saam nadat Johan eers saam met sy pa, Albertus, die familieboerdery bedryf het.

In die saai- boerdery volg hulle 'n rotasie- en wisselboustelsel met kontantgewasse en lusern. Minimumbewerking word in belang van vogbewaring toegepas. Koring word met vooruit- kontrakte, spotpryse en basiskontrakte bemark en 'n deel van die oes later bemark. Die kleinveevertakking van Merino's en Dormers bestaan uit sowat 11 000 teelooie en bykans 10 000 skaap vir wol- en vleisproduksie. 🌿

## Frankryk vereer landbouleier in SA

**FRANKRYK HET DIE ORDE** van Landboumeriete, *Ordre du Mérite agricole*, aan 'n landbousakeleier van Suid-Afrika, dr John Purchase, toegeken vir sy buitengewone diens aan Suid-Afrikaanse landbou en landbousake.

Die Franse ambassadeur in Suid-Afrika, Christophe Farnaud, het die toekenning namens sy land se president in Pretoria oorhandig. Die toekenning aan 'n buitelandse beklemtoon volgens die ambassadeur ook die belangrikheid van wissel- werking tussen die twee lande.

Dr Purchase, voorsitter van die landbousakekamer Agbiz, se uitnemende loopbaan voldoen volgens die Franse aan al die vereistes wat vir die toekenning in aanmerking geneem word. Dit sluit in dat die ontvanger uitnemende diens aan landbou lewer, hetsy in openbare diens, as praktiserende landbouer of as navorser. Frankryk het die toekenning in 1883 ingestel.

Mnr Farnaud het gesê landbou en die voedselbedryf is pilare in die twee lande se ekonomieë. Suid-Afrika en Frankryk is landbouhandelsvennote en dit is belangrik dat vrye handel sonder konflik tussen die twee lande voortgesit word. In 2017 het Frankryk 150 miljoen euro se landbouprodukte na Suid-Afrika uitgevoer. Dit het hoofsaaklik uit wyn en spirtualieë bestaan. Suid-Afrika het egter 224 miljoen euro se landbouprodukte na Frankryk uitgevoer, hoofsaaklik sitrus.

Die ambassadeur het dr Purchase bedank vir sy rol met die organisering van Franse landbousendings na Suid-Afrika. Agbiz se ondersteuning speel 'n waardevolle rol vir die ontwikkeling en bevordering van handel en beleggings tussen die twee



**Die Franse ambassadeur in Suid-Afrika, Christophe Farnaud (links), saam met dr John Purchase nadat Frankryk se Orde van Landboumeriete, *Ordre du Mérite agricole*, aan dr Purchase toegeken is.**

lande, het hy gesê.

Mnr Farnaud het dr Purchase se loopbaangeskiedenis aangegaal, wat onder meer insluit sy tydperk as navorser en senior bestuurder van die Landbounavorsingsraad se Klein- graaninstituut, sy termyn as hoofbestuurder van Graan SA en as uitvoerende hoof van Agbiz. Dr Purchase het onder meer in die rade van die Land en Landboubank, Graaninligtings- diens Sagis, die Landboubemarkingsraad, die ekonomiese en arbeidsraad Nedlac en sake-eenheid Busa gedien of is steeds daarby betrokke. Hy is ook lid van die internasionale voedsel en landbousakebestuursraad Ifama. 🌿

# Ceres-boer wen skrywers se nasionale titel



**PIETER GRAAFF VAN CERES**, Wandile Sihlobo van Agbiz en Leonard Mavhugu van Amadedlo Agri in die Oos-Kaap het Landbouskrywers SA se benoemings ontvang as onderskeidelik 2018 se boer van die jaar, landboukundige van die jaar en nuwe toetreder tot kommersiële boerdery van die jaar.

Die toekennings is in November 2018 in Stellenbosch oorhandig en word moontlik gemaak met die ondersteuning van Bayer, Santam Landbou, Sanlam en Rovic Leers.

Die toekennings vind jaarliks plaas uit erkenning vir uitnemende prestasies deur kommersiële boere, nuwe toetreders tot boerdery en landboukundiges. Vanjaar se toekennings is die 41 ste keer deur die landbouskrywers gemaak.

Magda du Toit, voorsitter van Landbouskrywers SA, sê een van die projek se doelstellings is om die rol te beklemtoon wat boere en landboukundiges in Suid-Afrika se landboubedryf speel. Die ontvangers het ook 'n invloed op die land se breër ekonomie en in Suider-Afrika.

"Ons het daagliks te doen met die uitdaging om 'n groeiende wêreldbevolking te voed. Landbouskrywers SA gee hiermee erkenning aan die rol wat boere en landboukundiges in die landboubedryf speel en vir hulle bydrae tot voedselsekerheid.

"Óns sal dit hoor nie, maar ek is seker toekomstige geslagte sal hierdie mense bedank vir hulle bydraes en moeite om toestande te skep vir groei, sukses en voedselbeveiliging in ons lieflike land."

Volgens me Du Toit is die finale beoordeling van 'n persoon

nie wat hulle doen ten tye van gemak en gerief nie, maar wat in tye van uitdagings en krisisse gedoen word. Dit bewys hulle buigsaamheid en is die vonk wat hoop, uitnemendheid, inisiatief en toekomsdenke aansteek. Al die finaliste vir hierdie toekennings het hierin geslaag.

Die kandidate vir die benoemings van 2018 se boer van die jaar, landboukundige van die jaar en nuwe toetreder tot kommersiële boerdery van die jaar was:

## Landboukundige van die Jaar

- Gauteng – Wandile Sihlobo
- Limpopo – Frits van Oudtshoorn
- Mpumalanga – Johann du Preez
- Wes-Kaap – Prof Eugene Cloete

## Nuwe toetreder tot kommersiële boerdery

- Oos-Kaap – Leonard Mavhugu
- Gauteng – Mbali Nkabinde
- Wes-Kaap – Wayne Mansfield

## Boer van die Jaar

- KwaZulu-Natal – Joseph Baynes Estate (Edms) Bpk (Myles van Deventer)
- Limpopo – Mahela Boerdery (Edward Vorster & seuns)
- Noordwes – Johan Styger
- Wes-Kaap – Pieter Graaff 🍷

# Verbasende kanola-opbrengste in kompetisie

**DIE AFGELOPE KANOLA-OPBRENGSKOMPETISIE** van die Proteïnavorsingstigting (PNS) het gewys kultivars het die potensiaal om opbrengste van 3 ton/ha te lewer indien optimale produksiepraktyke toegepas word, sê prof André Agenbag, sameroeper van die PNS se jaarlikse kompetisie in die Swartland en Suid-Kaap.

In die afgelope seisoen was toestande in die Suid-Kaap ongunstig en deelnemers se gemiddelde opbrengs was 2,486 kg/ha. In die Swartlandstreek was toestande gunstiger en drie van die deelnemers se opbrengs was meer as 3 ton/ha.

Weens die ongunstige toestande in die Suid-Kaap het net ses produsente ingeskryf. Pieter Beukes van die Yahshau-boerdery by Caledon se wen-opbrengs was 2,96 ton/ha. Hy het die derde agtereenvolgende keer dié streek se beste opbrengs gelewer. Pieter het die kultivar 45Y91 geplant met 'n digtheid van 4 kg/ha. Die gemiddelde opbrengs van deelnemers in die Suid-Kaap was 2,486 ton/ha.

Die wenner in die Swartland was Melt van der Westhuizen van die plaas Klipheuwel by Moorreesburg. Sy rekord-opbrengs was 3,437 ton/ha en hy het die kultivar Diamond geplant met 'n saaidigtheid van 3 kg/ha.

Voor die 2018-seisoen was die Swartland se wen-opbrengs 2,664 ton/ha. In die 2018-seisoen het 7 van die 15 deelnemers hoër opbrengste behaal. Drie deelnemers se opbrengs was meer as 3 ton/ha.

Die kompetisie word volgens die PNS se webtuiste aangebied om produsente wat in die twee gebiede met graanopbrengste onder droëlandtoestande presteer te identifiseer en te beloon. Die wenner kry 'n kontantprys van R25 000 en sertifikaat.

Vir die 2019-seisoen gaan aanpassings gemaak word sodat 'n plaasbeoordeling gebruik word en nie soos voorheen 'n kampbeoordeling nie. Die PNS sal mettertyd meer inligting verskaf. 🍷



# Verbruikers se broodkeuses oor 70 jaar

**Nico Hawkins**  
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

**DEUR DIE EEUE HEEN** is en was brood waarskynlik die belangrikste stapelvoedsel vir die grootste deel van die wêreldbevolking. Koningin Marie Antoinette het by geleentheid uit onkunde of dalk traak-my-nie-agtigheid, toe die armes in Frankryk gekla het dat daar nie brood was om te eet nie, gesê hulle moet dan maar koek eet. Sy was Frankryk se laaste koningin voor die Franse rewolusie en is in 1793 onthoof.


Durumkoring het 10 000 jaar gelede ontstaan as 'n kruising tussen twee grasspesies en broodkoring het sy ontstaan weer uit 'n kruising tussen Durumkoring en 'n derde grasspesie sowat 8 000 jaar gelede.

In Suid-Afrika het koring en brood ook 'n ryke geskiedenis en die eerste koringaanplanting het waarskynlik in die winter van 1652 plaasgevind. Kommersiële koringproduksie het egter eers in die vroeë 1910s op dreef gekom.

In 1935 het die Wet op die Beheer oor die Koring-nywerheid (Wet 58 van 1935) tot stand gekom en dit is op 5 Oktober 1938 deur Die Koring Reëlingskema vervang.

Nie net is die koop en verkoop van koring in geheel deur die Raad van Beheer oor die Koring-nywerheid beheer nie, maar die verskillende produkte soos meelblom, broodmeel, semolina, semels en brood se prys ook deur die Raad vasgestel.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog



**Grafiek 1: Pangebakte brood (kg) teenoor verwerkte koring (kg).**

is die beheerstelsel uitgebrei deur subsidies op sogenaamde pangebakte brood (Goewermentbrood) uit die Staatskas te betaal. Die doel hiervan was om brood as stapelvoedsel vir die armes so bekostigbaar as moontlik te hou.

Hierdie praktyk het, wat heelkoring betref, tot in 1997 voortgeduur terwyl die prysbeheer op brood reeds in Maart 1991 finaal afgeskaf is. Terselfdertyd is die subsidie op brood ook finaal afgeskaf.

Die verloop van pangebakte brood se verbruik per kapita toon interessante tendense, wat ooglopend beïnvloed is deur die beheer en subsidies wat deur die jare die prys van brood gemanipuleer het.

'n Ontleding van die data sedert

1948/49 tot 1986/87 soos in die Koringraad se jaarverslae, asook die meer onlangse data van die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS), toon die uitwerking van broodsubsidies, asook die latere afskaffing van prysbeheer en subsidies, op die per kapita-verbruik van pangebakte brood.

**Grafiek 1** toon die hoeveelheid (ton) koring wat sedert 1948/49 tot 2016/17 in Suid-Afrika vir menslike verbruik vermaal is. Hoewel redelike skommeling van jaar tot jaar plaasvind, het die totale menslike verbruik van koring van 693 400 ton tot 3 163 196 ton (356%) toegeneem.

Suid-Afrika se bevolking het oor dieselfde tydperk met 383% toegeneem, van 11,7 miljoen tot 56,5 miljoen. Van 1948/49 tot 1986/87 toe die Koringraad

gesluit en statutêre beheer opgehef is, het broodverbruik konstant saam met koringverbruik gestyg, van 316 879 ton tot 1 460 667 ton (361,0%).

Tussen 1986/87 en 2015/16 is daar ongelukkig geen data oor broodverbruik beskikbaar nie, maar SAGIS se nuwe data toon dat verbruik van pangebakte brood sedert 1986/87 tot 2016/17 met 202 360 ton afgeneem het, van 1 619 818 ton tot 1 460 667 ton (12,5%). Ander koringprodukte het van 725 182 ton in 1986/87 tot 1 702 529 ton toegeneem (105,0%).

Oor dieselfde tydperk het vermaalde koring vir menslike verbruik met 35% toegeneem, van 2 345 000 ton tot 3 163 196 ton.

Gevollik kan afgelei word dat, as gevolg van deregulering en ook die geïmponeerde afskaffing van broodsubsidies, ander tipes brode en koringprodukte soos rolletjies en fyngebak meer verbruikersvoorkeur begin geniet het.

Weens die subsidie op bruinbrood is die prysverhouding tussen wit- en bruinbrood ten gunste van bruinbrood beïnvloed (**Grafiek 1**). In die jaar van finale deregulering (1986/87) is meer as dubbel soveel bruinbrood (1 137 966 ton) as witbrood (481 851 ton) verbruik.


Hoewel data nie beskikbaar is oor presies hoe die prentjie jaarliks oor die laaste 20 jaar verander het nie, toon SAGIS se nuwe data dat die verbruik van witbrood (714 054 ton) en bruinbrood (746 612 ton) tans bykans dieselfde is.

Ander koringprodukte as pangebakte brood (rolletjies en fyngebak) het sedert deregulering van 439 332 ton tot 1 027 498 ton toegeneem – meer as 'n derde van alle koringprodukte.


**Grafiek 2** toon die per kapita-verbruik van koring en brood in die RSA aan. Dit is duidelik dat die verbruik van koring en pangebakte brood as gevolg van beheer en subsidies sedert 1948/49 tot en met deregulering (1986/97) heelwat gestyg het.

In 1948/49 het elke persoon in die RSA 57 kg koring en 26 kg pangebakte brood per jaar geëet. Die verskil, 31 kg koringprodukte, was dus ander produkte as pangebakte brood.

Die verbruik van pangebakte brood het tot en met deregulering van 26 kg



**Grafiek 2: Per kapita-verbruik: heelgraankoring en pangebakte brood.**



**Grafiek 3: Per kapita-verbruik: heelgraankoring en heelgraanmielie.**

tot 55 kg gestyg, met 'n hoogtepunt van 62 kg in 1980/81. Die daling wat reeds van 1980/81 af voor deregulering plaasgevind het, word toegeskryf aan die verlagings van 900 g tot 850 g in die broodmassa in daardie tydperk.

Sedert deregulering het die per kapita-koringverbruik van 89 kg per persoon tot die huidige 56 kg teruggesak, terwyl pangebakte brood tot dieselfde vlak as in 1948/49 (26 kg) gedaal het.

**Grafiek 3** toon aan wat met die per kapita-verbruik van die twee basiese voedselsoorte, naamlik mielies en koring, voor en ná deregulering in Suid-Afrika plaasgevind het.

Tot en met die middel sewentigerjare is 30% meer mielies in die vorm van

mielie-meel as koringprodukte in Suid-Afrika geëet. Die gesamentlike verbruik was ongeveer 150 kg per kop per jaar, maar koringverbruik het gedurende dié tydperk toegeneem terwyl mielieverbruik effens gedaal het. Met deregulering in 1986/87 is ongeveer dieselfde hoeveelheid (85 kg) mielieprodukte as koringprodukte per kop verbruik. Sedertdien het mielies en koring beide op ongeveer 56 kg of 110 kg gesamentlik gestabiliseer.

Wanneer na brood se historiese data gekyk word is dit duidelik hoe verbruikers se broodkeuses oor 70 jaar verander het. Dalk hou Marie Antoinette se uitspraak van destyds, in vandag se moderne samelewing van kitskos en meer verfynde koringprodukte, tog baie waarheid in. ♡

# Agbiz sien geleenthede te midde van groter druk

**L**ANDBOU IS 'N BAIE groot bate vir Suid-Afrika wanneer dit volgens voedselsekerheid, groei en werkverskaffing beoordeel word, sê dr John Purchase, hoofbestuurder van die landbousakekamer Agbiz. Die land beleef egter ook onsekerhede wat baie risiko's en wisselvallighede vir die landbou- en voedselbedryf veroorsaak.

Risiko's skep geleenthede en landbou behoort op dié risiko's te fokus wat verstaanbaar en bestuurbaar is, het dr Purchase gesê in sy vooruitskouing vir landbousake in 2019.

Suid-Afrika se landbou- en voedselbedryf is volgens dr Purchase relatief gesond maar winsgewendheid en mededinging gaan in 2019 onder druk verkeer. Terselfdertyd gaan daar nuwe geleenthede vir die bedryf wees wat onder meer ontstaan weens die groeiende bevolking, veranderinge in verbruikersbesteding en die nuwe markte van veral Asië en Afrika.

Selfs uit internasionale gebeure soos die onsekerheid van Brexit en eenheid in Europa ontstaan geleenthede waaruit Suid-Afrikaanse landbou kan baat. Die onstuitbare massamigrasie van mense in die buiteland en internasionale omgewingsvraagstukke soos klimaatsverandering, waterbeskikbaarheid en besoedeling kan 'n groot uitwerking op landbou hê.

Hoewel duidelike klimaatsverandering reeds landbou in die Vrystaat en Wes-Kaap beïnvloed, het Suid-Afrika groter seker-

heid as byvoorbeeld Argentinië.

Neigings in Suid-Afrika wat landbou beïnvloed, sluit die verlies van grond in wat aan mynbou en behuising afgestaan word, die agteruitgang van infrastruktuur en die verslegting in die toepassing van regulasies en dienste deur die regering. Agbiz identifiseer ook die regering se dalende besteding aan navorsing en ontwikkeling, plaagbeheer en plant- en dieregesondheid as 'n faktor wat in 2019 'n rol gaan speel.

Dr Purchase het die ontwikkeling van plaaslike voedselverwerking en gepaardgaande produktiwiteit as een van die bedryf se suksesfaktore uitgelig. Ander suksesfaktore sluit in die toepassing van bewaringslandbou en volhoubare inisiatiewe in landbou, asook die aanvaarding van nuwe tegnologie.

Die bedryf kan ook roem op institusionele strukture en kapasiteit wat van wêreldgehalte is. Dit word byvoorbeeld aangestref in goeie samewerking in die waardeketting en in mededinging. Nog 'n pluspunt is die bedryf se gemeenskaplike visie vir voedselsekerheid en -veiligheid.

Oor die graanbedryf het Wandile Sihlobo, hoof van Agbiz se navorsing oor landbousake, gesê internasionale graanvoorraad is "redelik styf" weens laer koringproduksie. Koring se verbruik neem toe weens bevolkingsgroei en verbruikers se verhoogde inkomste. Hy voorsien dat Suid-Afrika sowat 1,2 miljoen ton koring gaan invoer, wat minder as in die vorige seisoen is. ♡

## CropLife launched new website

**A**GRINTEL, ARGUABLY the most powerful tool currently available for users within the agrochemical industry to access registered crop protection product information, has launched its new website.

Many users are already aware of the benefits that Agri-Intel offers, so it comes as no surprise that the newly launched website, with a much more user-friendly interface, has been very well received by producers, exporters, agro-chemical representatives and industry stakeholders alike.

Agri-Intel offers easy access to a comprehensive database of all chemical, biological and natural crop protection and public health products registered for use in South Africa, including product labels, safety data sheets (SDS) and information on maximum residue limits (MRL) and withholding periods. Users are able to search for product information by active ingredient, crop or uses, targets,

registration holders, registration numbers, categories or trade names. Users are also able to compare the label information of these products.

"The data was edited into a different format for the new website and additional information was added. Great care was taken to ensure that the information was displayed correctly. Another new feature is that data can be edited, uploaded and displayed in real time. Users are encouraged to contact us should they have any queries" says Chana-Lee White, Agri-Intel Manager.

Of particular interest to exporters and growers is the ability to search MRL data for South Africa and a number of export destinations, pre-harvest intervals (PHI) as well as market preferences for some of the major European retailers.

"Local and international regulatory authorities set MRL values for pesticide residues in or on food products, to ensure that consumers have access to safe

and legal food which do not pose any health risks," says Luigia Steyn, MRL Consultant to CropLife South Africa.

"MRL data therefore play a critical role in the fresh produce industry which greatly depends on the usage of pesticides to protect crops. It is important for growers, advisors and exporters to keep up to date with MRL and retailer requirements of local market and export destinations to ensure market access. If a pesticide residue exceeds the MRL, the fresh produce commodity will be withdrawn from the market which in turn could have negative implications on trade"

The new website offers a variety of new data columns, reporting filters, label colour bands, SDS as well as being faster and mobile-friendly, so users can view information while they are in the field. ♡



# Eskom knyp landbousake seer

**B**EURTKRAG HET REEDS GROOT verliese met voedselverwerking veroorsaak en volgens aanduidings is daar nie 'n spoedige oplossing en verbetering in die situasie nie, sê dr John Purchase, hoofbestuurder van die landbousakekamer Agbiz. Dit kan sowat 'n dekade neem om Eskom se situasie reg te stel ná die vorige dekade se agteruitgang.

Wanneer energieverkaffing ten tye van voedselverwerking voorkom, moet voedsel vernietig en toerusting gestriliseer word. Produksie word gevolglik gestaak.

Wetgewing verbied nywerhede om ten volle uit Eskom se netwerk te onttrek en Agbiz pleit volgens dr Purchase by die regering om hierdie wetgewing aan te pas. Verskillende oplossings word vir die situasie voorgestel, soos 'n afsonderlike energienetwerk en onafhanklike opwekking.

“Die energietoestand is 'n groot uitdaging vir landbousake,” sê dr Purchase.

Hy raai voedselverwerkers aan om soveel moontlik onafhanklik van Eskom te raak en in hernubare energie te belê. Lede van Agbiz wat sedert 2008 hierdie pad gevolg het, het nou minder probleme.

Die energieprobleem is by die sake-eenheid Busa (Business South Africa) bespreek omdat Eskom die hele Suid-Afrika kan laat faal. Dr Purchase voorsien nie dat Eskom se skuldmas sal verminder wanneer ondernemings die Eskom-netwerk verlaat nie. Belastingbetalers sal die massiewe skuldmas moet betaal en hy is bevrees elektrisiteitstariese kan in die volgende drie jaar met 40% styg – wat Agbiz se lede nie kan bekostig nie.

Dr Purchase het egter baie vertroue in Eskom se nuwe hoof, Phakamani Hadebe, en glo hy sal korrupsie by die instelling uitroei. Busa het 'n taakspan van kundiges saamgestel wat moontlike oplossings beplan. Die span sluit

voormalike Eskom-werknemers in.

Munisipaliteite se skuld aan Eskom is 'n politieke probleem wat nie voor die algemene verkiesing deur die ANC-regering hanteer gaan word nie omdat dit optrede teen wanbetalers behels. ♣



9

## High performance seeds through Proven Genetics

Oats

Rye

Maize

Wheat

Barley

Sunflower

Soybean

[www.sensako.co.za](http://www.sensako.co.za)

Sensako has 60 years of experience and breeding excellence for the South African market. Sensako has been at the forefront of seed research and delivering continual improvements in seed performance.

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690, Napier +27 (0) 28 423 3313, Langebaan +27 (22) 772 1611



**SENSAKO**  
Beproeft Genetika • Proven Genetics



# Nuwe roesrasse verg verhoogde bewustheid en verskerpte monitering

<sup>1</sup>WHP Boshoff, <sup>1</sup>ZA Pretorius en <sup>2</sup>T Terefe

<sup>1</sup>DEPARTEMENT PLANTWETENSKAPPE, UNIVERSITEIT VRYSTAAT, <sup>2</sup>LNR-KLEINGRAAN

**E**PIDEMIESE UITBRAKE VAN ROESSIEKTES is moeilik om akkuraat te voorspel. Redes daarvoor sluit in die patogene se aanpasbaarheid en hul vermoë om weerstandsbronne wat voorheen doeltreffend was te oorkom, asook hul oorlewingvermoë, vinnige verspreiding oor lang afstande en die vinnige tempo van epidemiese ontwikkeling onder gunstige toestande. Monitering en beskrywing van die voorkoms, verspreiding en aggressiwiteit van koringroesswamme is daarom belangrik ten einde koringtelers en produsente bedag te maak op die uitwerking wat nuwe rasse mag hê. Dit kan net bereik word deur volgehoue internasionale en plaaslike roesopnames en die gereelde uitruiling van die data tussen navorsers.

## Streeproes

Die aanmelding van streeproes gedurende September 2018 op besproeiingskoring in Zimbabwe deur dr Tegwe Soko en Chiuraise Nyasha is 'n vroeë waarskuwing vir Suid-Afrikaanse navorsers en produsente om meer bedag te wees op die moontlike verspreiding en hernude voorkoms van die siekte op plaaslike koringaanplantings in die komende seisoen.

Na die eerste aanmelding van streeproes in Suid-Afrika in die Wes-Kaap gedurende 1996 en die daaropvolgende verspreiding daarvan na aanplantings in die somerreëngedurende die 1997-seisoen, kon plaaslike koringtelers grootliks daarin slaag om die roessiekte onder beheer te bring deur die vrystelling van bestande kultivars. Gedurende die 1996- en 1997-seisoen is betekenisvolle opbrengsverliese op koring aangeteken, ten spyte van die toediening van swamdoders om die siekte te beheer.

Behalwe uitbrake van streeproes wat deur die voorkoms van nuwe rasse veroorsaak is en die kultivars Hugenoot (1998) en PAN 3191 (2005) vatbaar gelaat het, was die plaaslike voorkoms van streeproes sedert 1998 meestal sporadies en die opbrengsverliese beperk.

Merkwaardig oor die afgelope seisoen se voorkoms van streeproes in Zimbabwe, is dat daar geen rekord bestaan dat die siekte voorheen op koring in die land aangeteken is nie. Dit is bevestig deur die *Global Rust Reference Centre* in Denemarke wat as kurators dien vir wêreldwye histories-versamelde streeproes-isolate.

Zimbabwe se koring word in die wintermaande onder besproeiing geplant, wat 'n gunstige klimaat vir streeproes-infeksie skep. 'n Ontleding van die Zimbabwiese streeproes-isolate op differensiële koringlyne het getoon dat die ras meer aggressief is as die vier streeproesrasse wat sedert 1996 in



Stamroes-infeksie op 'n vatbare koringkultivar.

Suid-Afrika aangeteken is, met onder meer die *Yr9*-weerstandsgen wat nie meer doeltreffend is nie.

'n Onlangse doktorsstudie deur dr Soko aan die



**Streeproes-infeksie op 'n Zimbabwiese koringkultivar gedurende September 2018. Foto verskaf deur dr Tegwe Soko.**

Universiteit van die Vrystaat oor roesweerstandsbronne in Zimbabwiese koringkultivars en teeltyne, het daarop gedui dat die Yr9-weerstandsgene 'n belangrike komponent van weerstand teen streeproes in hul koring was. Die nuwe Zimbabwiese streeproesras stem verder ooreen met rasse wat voorheen aangeteken is in Rwanda, Tanzanië en Ethiopië, wat op suidwaartse verspreiding uit hierdie lande dui.

Die Zimbabwiese streeproesras is nog nie in Suid-Afrika aangeteken nie en net tyd sal leer of die roesswam, wat windgedraag is, verder suidwaarts gaan versprei en of dit die huidige droë Zimbabwiese somer gaan oorleef. Navorsing toon egter dat daar 'n groot ooreenkoms is tussen veral blaarroes- maar ook stamroesrasse wat in die verlede in Zimbabwe en Suid-Afrika op koring aangeteken is. Suider-Afrika moet volgens dié navorsing as een epidemiologiese sone vir koringroes beskou word.

Sou streeproes in die komende seisoen dus weer sy ver-

skyning op koring in Zimbabwe maak, is dit belangrik dat plaaslike produsente en navorsers meer bedag moet wees vir tekens en simptome van streeproes op hul koringaanplantings. Saailingtoetse dui daarop dat sommige van die plaaslike koringkultivars wat tans as bestand teen streeproes geklassifiseer word, vatbaar kan wees vir die nuwe Zimbabwiese streeproesras.

Plantpatoloë van die LNR-Kleingraan en die Universiteit van die Vrystaat monitor die situasie en werk saam met koringnavorsers van Seed-Co Internasionaal om die risiko te bepaal wat die nuwe streeproesras vir koringproduksie in beide lande inhou.

### Stamroes

Die aanmelding van 'n vyfde variant van die eens gevreesde Ug99-stamroesras gedurende die 2017-koringseisoen in die Oos-Vrystaat, bevestig weer eens die vermoë van roesswamme om voortdurend aan te pas en te versprei. Die Ug99-stamroesras is in 1999 vir die eerste keer op koring in Uganda aangeteken en beskryf.

Navorsers van die LNR-Kleingraan en die Universiteit van die Vrystaat het die nuwe ras, wat volgens die internasionale stamroesras-benamingstelsel as PTKSK kodeer, beskryf. Behalwe vir avirulensie op die Sr24-weerstandsgene, is die nuwe ras naby verwant aan ras PTKST wat plaaslik reeds in 2009 aangeteken is en kodeer dit identies met stamroesrasse wat voorheen in Ethiopië (2007), Kenia (2009) en Jemen (2009) beskryf is.

Die reaksie van plaaslike koringkultivars en gevorderde koringlyne teen ras PTKSK is reeds bepaal en die inligting is aan koringtelers beskikbaar gestel. Beskikbare inligting dui daarop dat ras PTKSK nie enige onmiddellike gevaar inhou vir plaaslike koringproduksie nie. Die aanmelding van die ras beklemtoon egter die voortdurende verskyning van nuwe stamroesrasse en die belang van voortgesette roesopnames. ♣

## South African agricultural economy recovers in Q3, 2018



### Agbiz e-Newsletter 7 Dec 2018 40/18

**A**FTER ENTERING A technical recession in the second quarter of the year, the South African agricultural economy recovered in the third quarter, boosted by higher production of horticulture and animal products. Within the

horticultural subsector, the most notable performer was the citrus industry which has thus far exported a record 2 million tonnes for the year. The uptick in animal products somewhat mirrors the recovery in the livestock sector after the

2015/16 drought period. Nonetheless, Agbiz still believes that the agricultural sector will contract in 2018 due to generally lower output of major agricultural commodities compared to 2017. ♣

# Eenstemmigheid oor koring se nuwe gradering

**ROLSPELERS IN DIE KORINGWAARDETTING** het na twee jaar se onderhandelings tot wysigings in die graderingstelsel ingestem, wat tot produsente se voordeel is. Die voorstelle word vir goedkeuring aan die departement van landbou, bosbou en visserij voorgelê waarna dit in die Staatskoerant afgekondig en deur die minister goedgekeur moet word.

Vir produsente beteken die wysigings dat hulle makliker 'n goeie graad koring sal kan lewer. Dit beteken ook verminderde insetkoste met bemesting. Nog 'n voordeel is dat die voorgestelde graderings meer vergelykbaar met ingevoerde koring se grade gaan wees.

Graan SA bestempel die voorstel as 'n positiewe stap wat produsente kan help om meer volhoubaar koring te produseer.

Die voorgestelde stelsels bestaan uit vier grade (**Tabel 1**) en

sluit 'n nuwe supergraad in vir koring met 'n proteïen-inhoud van 12,5%. Graad B1 bly die prysbasis vir verhandeling op JSE en dié graad se proteïenvlak word van 12% tot 11,5% verlaag. Supergraadkoring se prys word op die basisprys plus twee persent bereken. Graad B2 se prys is die basis minus een persent en Graad B3 die basis minus vier persent.

Die huidige minimumproteïenvlak vir Graad B1, B2 en B3 met 'n voginhoud van 12% word met 0,5% verlaag as die wysigings goedgekeur word. Graad B1 se huidige hektolitermassa word van 77 kg tot 76 kg verminder. Die voorgestelde valgetal vir al vier grade is 250 sekondes.

'n Deel van die proses en voorstel se finalisering is dat die Koringforum die JSE in kennis stel. Die JSE moet die voorstel onder sy markrolspelers toets. ♣

**Tabel 1: Samevatting van voorgestelde wysigings in koringgradering.**

Huidige gradering					Voorgestelde gradering				
Graad	Proteïene %	HLM kg	Valgetal sek	Prysverskil	Graad	Proteïene %	HLM kg	Valgetal sek	Prysverskil
					<b>Super</b>	12.5	76	250	+2%
<b>B1</b>	<b>12</b>	77	250	Basis	<b>B1</b>	11.5	76	250	Basis
<b>B2</b>	<b>11</b>	76	250	-2%	<b>B2</b>	10.5	76	250	-1%
<b>B3</b>	<b>10</b>	74	250	-4%	<b>B3</b>	9.5	74	250	-4%
<b>B4</b>	<b>9</b>	72	200	-6%					
<b>Ander</b>	<b>8</b>	70	150	-8%					

## “Produsente kan baat by nuwe graderingstelsel” – teler

**PRODUSENTE IS MET DIE** voorgestelde koringgraderingstelsel finansiële beter daaraan toe, sê dr Francois Koekemoer, navorsing- en ontwikkelingsdirekteur van die saadmaatskappy Sensako. Die nuwe graderingstelsel gaan nie 'n verskil aan vrystellingsnorme maak nie, meen hy.

Dr Koekemoer het op versoek kommentaar gelewer op voorgestelde wysigings aan die graderingstelsel.

Die omgewingsinvloed op proteïen-inhoud, hektolitermassa en valgetal kan waardes met lewering beïnvloed. Dit is die invloed wat faktore gedurende die seisoen op 'n kultivar in die land het.

“Die voorgestelde nuwe gradering gaan ten opsigte van vrystellingsnorme nie 'n verskil maak nie,” sê dr Koekemoer. “Kultivars wat 'n risiko inhou ten opsigte van proteïen-inhoud, hektolitermassa en valgetal word nie vrygestel nie. Net kultivars wat stabiel is in die prestasie van hierdie drie eienskappe

word vrygestel.”

Koringtelers verloor baie min lyne, indien enige, wat nie aan die vereistes van proteïen-inhoud, hektolitermassa en valgetal voldoen nie. Dit is volgens dr Koekemoer gevolglik betreklik maklik om die drie eienskappe in 'n teelprogram te manipuleer om kultivars met aanvaarbare waardes vry te stel.

Uit **Tabel 2** se data, verkry uit die SA Graanlaboratorium se oesverslag van die 2016/17-seisoen, is dit duidelik dat produsente in alle opsigte baat sou vind by die nuwe graderingsvlakke.

“In baie gevalle sou produsente tussen R42,27 en R84,54 meer verdien het. Indien 'n produsent nou koring lewer bokant 12,5% proteïen-inhoud sal hy 'n bykomende R84,54 per ton ontvang, selfs al skepel die monster 1 kg/hl laer as in huidige graderingsvereistes. Om gevolglik B1 graad te haal met dieselfde basisprys onder beide graderingsnorme, is

makliker onder die nuwe norm: 0,5% laer proteïen en 1 kg/hl laer skepel," sê dr Koekemoer.

In die Vrystaat se droëlandgebiede sal die meeste koring van die 2016/17-oesjaar as Supergraad gegradeer word. In die Swartland en Rûens het die meeste koring as B2 gegradeer.

Dr Koekemoer waarsku egter dat hoër proteïenvlakke met bykomende bemesting en met meer water gepaard gaan.

"Om proteïenvlakke van meer as 12,5% te haal, sal produsente ekstra stikstof (N) moet toedien. Die produsent sal

gevolglik moet bepaal of die bykomende bemesting ekonomies regverdigbaar is, veral omdat stikstof ná vlagblaarstadium toegedien moet word. Die stikstof moet deur middel van osmose deur die wortels opgeneem word of deur die plant van biomassa na aar getranslokeer moet word. Daarvoor is water nodig en gewoonlik is die reënval in die produksiegebiede in so 'n laat stadium beperk."

Uit **Tabel 2** is dit duidelik dat valgetal en hektolitermassa 'n beperkte of geensins 'n rol speel in gradering nie en dat proteïen-inhoud die grootste rol daarin speel, sê dr Koekemoer. ♡

**Tabel 1: Verskil van huidige en nuwe koringgradering.**

Huidige gradering							Nuwe gradering						
Graad	Proteïene (%)	HLM (kg/hl)	Valgetal (s)	Prysverskil	Waarde*	Verlies	Graad	Proteïene (%)	HLM (kg/hl)	Valgetal (s)	Prysverskil	Waarde	Verlies
							Super	12.5	76	250	+2%	R4 311.54	R84.54
B1	12	77	250	Basis	R4 227.00		B1	11.5	76	250	Basis	R4 227.00	
B2	11	76	250	-2%	R4 124.46	-R102.54	B2	10.5	76	250	-1%	R4 184.73	-R42.27
B3	10	74	250	-4%	R4 057.92	-R169.08	B3	9.5	74	250	-4%	R4 057.92	-R169.08
B4	9	72	200	-6%	R3 973.38	-R253.62							
Utiliteits	8	70	150	-8%	R3 888.84	-R338.16							

\*Safex-waarde op 23/11/2018 sonder vervoerdifferensiaal

**Tabel 2: Finansiële impak van nuwe graderingsvlakke volgens data uit die SAGL se oesverslag van 2016/17-seisoen.**

Nommer	Area	Proteïeninhoud (%)	Valgetal (s)	HLM (kg/hl)	Tans	Nuwe	R Impak
1	Namakwaland	11.9	377	80.5	B2	B1	42.27
2	Swartland	11.6	351	79.4	B2	B1	42.27
3	Swartland	11.4	359	81.8	B2	B2	0.00
4	Rûens	11.2	352	82.1	B2	B2	0.00
5	Rûens	11.2	359	80.6	B2	B2	0.00
6	Rûens	11.3	343	80.8	B2	B2	0.00
10	Griekwaland-Wes	12.0	361	84.3	B1	B1	0.00
11	Vaalharts	12.6	397	81.2	B1	S	84.54
12	Noordwes	12.8	360	82.1	B1	S	84.54
13	Noordwes						
14	Noordwes	13.0	371	82.9	B1	S	84.54
15	Noordwes						
16	Noordwes						
17	Noordwes	11.4	373	81.4	B2	B2	0.00
18	Noordwes						
19	Noordwes	12.3	388	81.9	B1	B1	0.00
20	Noordwes	12.2	373	81.7	B1	B1	0.00
21	Vrystaat						
22	Vrystaat	15.8	349	78.7	B1	S	84.54
23	Vrystaat	15.9	309	77.1	B1	S	84.54
24	Vrystaat	13.7	347	82.0	B1	S	84.54
25	Vrystaat	14.0	293	78.9	B1	S	84.54
26	Vrystaat						
27	Vrystaat						
28	Vrystaat	13.0	327	80.1	B1	S	84.54
29	Mpumalanga	12.7	291	80.8	B1	S	84.54
30	Mpumalanga						
31	Mpumalanga						
32	Mpumalanga	13.3	372	81.2	B1	S	84.54
33	Mpumalanga	12.2	399	81.6	B1	B1	0.00
34	Mpumalanga	13.2	319	81.2	B1	S	84.54
35	Gauteng	11.7	354	82.2	B2	B1	42.27
36	Limpopo	13.2	379	81.8	B1	S	84.54
37	KZN	12.0	356	81.5	B1	B1	0.00



# Kanola-kultivars wys hul staal in die Wes-Kaap, Overberg en Suid-Kaap

Jan Botes  
AGRICOL

**A**GRICOL SE KANOLA-KULTIVARPAKKET het die afgelope seisoen weer wyd welslae behaal in die Wes-Kaap, Overberg en Suid-Kaap, selfs te midde van uitdagende toestande in sommige streke. Verskeie produsente in die kanola-streke het suksesverhale vertel.

Diamond, die juweel van Agricol se kanolapakket, het in 2018 'n rekord-opbrengs van 3,437 ton/ha tydens die Proteïennavorsingstigting se opbrengskompetisie behaal. Melt van der Westhuizen van die plaas Klipheuwel naby Moorreesburg was die wenner van hierdie gesogte kompetisie. Hy het sy kanola op 21 April 2018 geplant teen 'n plantdigtheid van 3 kg/ha in 'n kamp van 34 hektaar.

Jaco Kriel van die plaas Eendrag op Porterville het geluk aan sy kant gehad met goeie reënvalsyfers in die afgelope seisoen. Sy kanola-pakket het bestaan uit Diamond, Tango en die triasien-weerstandbiedende baster Atomic TT. Jaco het 'n gemiddeld van 2,76 ton/ha met Tango, 2,77 ton/ha met Diamond en 2 ton/ha met Atomic behaal. Hierdie drie kultivars gaan weer deel wees van Jaco se beplanning vir 2019. Hy was verras met Tango en sê die baster help uit waar reën vroeg afsny.

Tango staan Diamond goed by omdat dit 'n vinniger groeier is, sê Jaco. 'n Groot voordeel van Diamond is die spoed waarmee die baster uit die grond te voorskyn kom en ontwikkel. Die kultivar se blomtydperk is redelik lank en dit beïnvloed bestuiving positief. Boonop stroop Diamond baie maklik. Jaco plant die TT-baster, Atomic, op lande waar breëblaaronkruidprobleme voorkom en hou van die sukses wat hy daarmee bereik deur sy lande skoon te hou. Atomic TT is 'n langer groeier met goeie opbrengspotensiaal.

Rennie Brink van Groot Phisantekraal Boerdery naby Durbanville het 'n gemiddelde opbrengs van 2,5 ton/ha behaal. Volgens Rennie is die kanola-basters, Diamond en Agamax, se opbrengs op sy plaas die beste. Om betyds te spuit, is vir hom belangrik ten einde plaas en siektes te beheer, aangesien dit 'n groot invloed op opbrengste kan hê. Diamond het die beste opbrengs getoon met 3,1 ton/ha, gevolg deur Agamax met 3 ton/ha. Die twee kultivars se plantdigtheid was 3 kg/ha. Rennie gaan vanjaar weer Diamond en Agamax plant.

Pierre du Plessis van die plaas Grootzanddrift in Bredasdorp se streek het 1,95 ton/ha op 100 ha met Diamond gerealiseer, ten spyte van redelik min reën in die eerste helfte van die seisoen en redelike windskaad. "Ek gaan beslis weer Diamond plant, omdat dit nog altyd 'n goeie opbrengs gegee het en heelwat vinniger groei as sommige ander kultivars. Diamond is



Saam met Diamond se goeie opbrengs is die kultivar se vinnige ontwikkeling, lang blomtydperk en gemaklike stroop sommige van die voordele wat produsente beïndruk.

beslis die beste kortgroeier wat nou beskikbaar is. Dit help ook om produksieprosesse beter in te pas, soos met die platsny."

Josias le Roux van die plaas Langhoogte naby Botrivier het 294 mm reën gedurende die groeiseisoen gehad. Hy het reeds van 24 April 2018 af Diamond en Atomic teen 3,5 kg/ha gevestig. Die twee kultivars se gemiddelde opbrengs was onderskeidelik 2,64 ton/ha en 2,17 ton/ha na aftrekkings.

Josias se grootste uitdaging vanjaar was die hittegolf en sterk winde wat sommige van die kampe tydens oestyd getref het. Hy is baie dankbaar vir hoe die oes ten spyte van die uitdagings afgeloop het en kan Diamond en Atomic TT aanbeveel. Atomic maak dit vir Josias moontlik om breëblaaronkruid en eenjarige grasse in kanolalande te beheer. Diamond se uitstaande opbrengsvermoë en die kultivar se eienskap om vinnig te kan "klaarmaak", het Josias baie beïndruk.

Franco le Roux van Klipdale Boerdery by Klipdale het die nuwe toevoeging tot Agricol se kanolakultivars, Alpha TT, in 2018 beproef. "Hierdie kultivar se groeikragtigheid en staanvermoë was opmerklik beter as die ander TT-kultivars wat geplant is," sê Franco. "Dit het die swaar drag peule goed hanteer."

Vir meer inligting oor Agricol se kanolapakket kan 'n boodskap gestuur word na [info@agricol.co.za](mailto:info@agricol.co.za) of skakel 021 981 1126. 🌱

# KANOLA KULTIVARS



## AV GARNET

- **Tipe:** Konvensioneel (*oop bestuif*)
- **Groeiseisoenlengte:** Medium
- **Opbrengspotensiaal:** Hoog
- **Olie %:** Hoog
- **Groeikragtigheid:** Uitstekend
- **Planthoogte:** Matig
- **Swartstam weerstand:** Goed
- **Weerstand teen omval:** Baie goed

## AGAMAX

- **Tipe:** Konvensioneel (*baster*)
- **Groeiseisoenlengte:** Kort - Medium
- **Opbrengspotensiaal:** Hoog
- **Olie %:** Hoog
- **Groeikragtigheid:** Uitstekend
- **Planthoogte:** Matig
- **Swartstam weerstand:** Goed
- **Weerstand teen omval:** Baie goed

## DIAMOND

- **Tipe:** Konvensioneel (*baster*)
  - **Groeiseisoenlengte:** Kort - Medium
  - **Opbrengspotensiaal:** Hoog
  - **Olie %:** Hoog
  - **Groeikragtigheid:** Uitstekend
  - **Planthoogte:** Medium
  - **Swartstam weerstand:** Weerstandbiedend
  - **Weerstand teen omval:** Baie goed
- Wenner van 2018 PNS Wes-Kaap opbrengskompetisie (3.437ton/ha)*

## TANGO

- **Tipe:** Konvensioneel (*baster*)
- **Groeiseisoenlengte:** Kort
- **Opbrengspotensiaal:** Hoog (*vaar goed in laer reënval areas*)
- **Olie %:** Hoog
- **Groeikragtigheid:** Uitstekend
- **Planthoogte:** Medium
- **Swartstam weerstand:** Weerstandbiedend
- **Weerstand teen omval:** Baie goed

## ATOMIC TT

- **Tipe:** TT-baster
- **Groeiseisoenlengte:** Medium
- **Opbrengspotensiaal:** Hoog
- **Olie %:** Hoog
- **Groeikragtigheid:** Uitstekend
- **Planthoogte:** Medium
- **Swartstam weerstand:** Goed
- **Weerstand teen omval:** Uitstekend

## ALPHA TT (NUUT)

- **Tipe:** TT-baster
- **Groeiseisoenlengte:** Medium
- **Opbrengspotensiaal:** Hoog
- **Olie %:** Hoog
- **Groeikragtigheid:** Uitstekend
- **Planthoogte:** Medium
- **Swartstam weerstand:** Weerstandbiedend
- **Weerstand teen omval:** Uitstekend

# Koringforum bereik sommige mikpunte vir herlewning

**ROLSPELERS IN DIE** koringwaardeketting wat in die Koringforum verteenwoordig is, het in die afgelope jaar vordering gemaak met herlewingsplanne van die koringbedryf. Uit verskillende verslae van die verteenwoordigers was dit duidelik dat nuwe mikpunte in die visier is nadat vorige mikpunte minstens gedeeltelik bereik is.

Twee verteenwoordigers het tydens die Koringforum se jaarvergadering gewys op vooruitgang. Jannie de Villiers, hoofbestuurder van Graan SA, het ná verslae oor herlewingsplanne voorgelê en bespreek is, gesê noemenswaardige vordering is in die afgelope jaar gemaak.

Een van die haakplekke wat opgelos is, was die aanpassing van graderingsregulasies en verskaffing van uitlaai-waarborge. (Berig op p 12) Dr Francois Koekemoer, navorsingsdirekteur van Sensako, het betrokkenes bedank vir die aangepaste koringgrade en dit as 'n "groot verligting" bestempel. Die voorgestelde graderingsregulasies is vir goedkeuring aan die departement van landbou, bosbou en visserye voorgelê en moet deur die betrokke minister afgekondig word.

Stagnering en stadige vordering kom egter ook voor, soos by die departement van landbou se beplande LEAF-inspeksiediens, die rabat-stelsel vir buurlande van Suid-Afrika en die tydperk wat verloop voordat 'n verandering in die tariefheffing aangekondig word.

Allan Bishop, herkose voorsitter van die Koringforum, het die afgelope jaar as "woes" (hctic) bestempel maar gesê almal het dit oorleef. Die swak posisie waarin die Suid-Afrikaanse ekonomie verkeer is kommerwekkend. Die Forum se bestuur is bekommerd oor ondermeer dalende aanplantings, die invoersituasie, klimaatsverandering en die invloed wat wisselende wêreldtoestande en plaaslike gebeure op die koringbedryf het. Hierdie faktore speel 'n rol in die plaaslike bedryf se mededingendheid.

Die agentskap vir kultivar- en tegnologie-ontwikkeling, SACTA, maak ná sy tweede bestaansjaar 'n verskil en word positief aanvaar, sê SACTA se voorsitter,

Andries Theron. Tegnologie baan die weg vir sukses, soos met gars se kultivarontwikkeling en produksie ervaar word. Dit is egter volgens Theron belangrik dat die heffingsinkomste regverdig volgens marktaandeel onder saadtelers verdeel word.

Die beplande samevoeging van die forums vir mielies, koring en sorghum is nog nie afgehandel nie. Volgens die administrateur, Leon du Plessis van L&L Landboudienste, word die samevoeging steeds ondersoek. 'n Enkele graanforum kan oorleueling en duplisering van die drie forums se werk en verteenwoordigers uitskakel en koste verminder.

'n Enkele forum kan volgens voorlopige ondersoeke ook die verhouding met die owerheid en regeringsdepartemente verbeter, die graanbedrywe sterker bind, transformasie en grondherworing bevoordeel en 'n platform skep vir navorsing en vernuwing. ♡



**Argentiese besoeker Santiago Santamarina van GDM Seeds in Buenos Aires saam met Gert Heyns, hoofbestuurder van SACTA, by die Koringforum se vergadering. Santamarina het die vergadering saam met Roelf van Niekerk van Agricol bygewoon. Agricol en GDM werk saam aan die ontwikkeling en vrystelling van koringkultivars in Suid-Afrika. Proewe is in die tweede seisoen en Agricol wil sommige kultivars "binnekort" registreer en op die kultivarlys laat plaas. Proefnemings met winterkultivars word onder meer op Langgewens in die Swartland uitgevoer. GDM Seeds se hooffokus is op sojabone en Agricol bemark hulle sojaboonkultivars reeds etlike jare kommersieel.**

## Oesskattingskomitee se datums in 2019

**SAAM MET DIE JSE** se Safex-pryse vorm die Nasionale Oesskattingskomitee (NOK) se gereelde produksie- en oppervlakteskattings belangrike elemente van besluitneming. Die NOK se oesskattings word deur die departement van landbou, bosbou en visserye (DAFF) saamgestel en volgens somergewasse en wintergewasse verdeel.

Die vrygestelde inligting is op die internet beskikbaar by [www.daff.gov.za/statistics and economics reports](http://www.daff.gov.za/statistics-and-economics-reports). Dit kan ook op die SA Graaninligtingsdiens se webtuiste besigtig word by [www.sgjis.org.za/CEC](http://www.sgjis.org.za/CEC).

Vir 2019 is die NOK se 6e produksieskatting vir wintergewasse en voorlopige oppervlakte vir somergewasse se aanplantings reeds op 29 Januarie vrygestel. ♡

Datum	Gewas	Verslag
27 Februarie	Winter	7e Produksieskatting
	Somer	Hersiene oppervlakteskatting en 1e produksieskatting
26 Maart	Somer	2e Produksieskatting
25 April	Winter	Voornemens om te plant
	Somer	3e Produksieskatting
28 Mei	Somer	4e Produksieskatting
26 Junie	Somer	5e Produksieskatting
25 Julie	Winter	Voorlopige oppervlakte beplant
	Somer	6e Produksieskatting
27 Augustus	Winter	Hersiene oppervlakte- en 1e produksieskatting
	Somer	7e Produksieskatting
26 September	Winter	2e Produksieskatting
	Somer	Finale produksieskatting
24 Oktober	Winter	3e Produksieskatting
	Somer	Voornemens om te plant
26 November	Winter	4e Produksieskatting
19 Desember	Winter	5e Produksieskatting



# Trust versoek navorsers om saam te werk

**STATUTÊRE HEFFINGS TEN** gunste van die Wintergraan-trust met die lewering van koring is van 1 Oktober 2018 af verhoog. Koring se heffing het van R10,00 tot R11,40/ton verhoog. Gars se heffing bly onveranderd op R5,00/ton. Btw is by die heffings ingesluit en dit bly van toepassing tot 30 September 2019.

Tydens die Koringforum se vergadering het Ishmael Tshiambe, administrateur van die Wintergraantrust, onder meer verslag gedoen oor heffings en aangepaste riglyne wat die Trust gebruik om befondsing vir navorsing te bepaal. Die nuwe riglyne word deur die Trust se raad van trustees toegepas wanneer aansoeke om befondsing geëvalueer word.

Die Trust se raad het navorsers wat in dieselfde kundighedsvelde werk en wat vir befondsing aansoek doen, versoek om saam te werk sodat gedupliseerde navorsing uitgeskakel kan word.

Die Trust se navorsingsprioriteite berus volgens Tshiambe se verslag op drie pilare, naamlik verbeterde genetica, produktkwaliteit en agronomiese verbetering. Navorsing oor verbeterde genetica sluit onder meer voorteling en weerstand teen roes en patogene in. Produktkwaliteit word beskryf as maal- en bakkwaliteit en die navorsing daarvoor, eksterne ontleding van

koringkwaliteit en sifting vir swaarmetale.

Die derde pilaar van navorsingsvoorkeure behels onder meer navorsing oor beter landboupraktieke wat tot hoër koringopbrengs en -produksie in alle verbouingstreke kan lei.

Die Wintergraantrust se belangrikste oogmerk is om wetenskaplike, tegniese of bedryfsnavorsing oor wintergraan te onderneem of finansiële te ondersteun. Sekondêr beoog die Trust om Suid-Afrika se wintergraanbedryf te bevorder deur inligtingvoorsiening te ondersteun, marktoegang van wintergraan wat plaaslik geproduseer is te verbreed en om die Koringforum se administrasie te ondersteun.

Tshiambe se verslag by die Koringforum bevat ook die doel waarvoor die Trust se heffingsinkomste aangewend word. Daarvolgens is die doel en mikpunte van heffings om finansiële steun aan inligtings- en navorsingsfunksies te lewer wat die bedryf as noodsaaklik en van belang vir die hele bedryf geïdentifiseer het.

Die voorwaarde waarop die minister van landbou, bosbou en visserie die heffing goedgekeur het, is dat 70% aan navorsing en die voorsiening van inligting bestee word, 20% aan transformasie om ontwikkelende boere te ondersteun en hoogstens 10% vir die Trust se administrasie. 🌱

## ‘Nuwe’ landboumaatskappy is positief oor SA se landbou

**NA DIE CHEMIESE EN** farmaseutiese maatskappy Bayer se internasionale oornam van Monsanto gaan Suid-Afrikaanse landbou en boere nie minder belangrik wees nie. Bayer sal met dieselfde toewyding boere en hul organisasies ondersteun en waarde aan hulle klante se produksie toevoeg, sê plaaslike bestuurders van die voormalige Monsanto-saadmaatskappy.

Tydens ‘n mediadag in Pretoria het Kobus Steenekamp, besturende direkteur van Monsanto SA, gesê die nuwe maatskappy se veranderings sal vroeg in 2019 duideliker word. Die maatskappy se bydraes aan plaaslike projekte, soos Agri Securitas en Buhle-

boereontwikkelingsakademie, sal voortgaan.

Ook Pieter Smit, Bayer se Afrika-bestuurder van Dekalb-bemarking en produkte, sê Bayer gaan voort om waarde toe te voeg deur klante en hulle behoeftes te verstaan en ondersteuning te gee. In teenstelling met regerings van Afrika-lande wat nie hulle boeregemeenskap ondersteun nie, sal Bayer die boere ondersteun sodat hulle ondernemings kan groei en die lande se groei gestimuleer word.

Met verwysing na grondonteiening sonder vergoeding het Steenekamp gesê die maatskappy is positief en glo

dat ‘n goeie eindresultaat bereik gaan word. Hulle het vertroue in Suid-Afrika se landbouleiers en is nie teen grondherwinning gekant nie.

“Bayer is ‘n toonaangewende landboumaatskappy wat produsente wil ondersteun om meer produktief, winsgewend en volhoubaar te boer tot voordeel van ons planeet en die verbruiker.”

Twee ander voormalige bestuurders van Monsanto wat nou in Bayer-geledere is, Arthur Schröder (produktbestuurder) en Andrew Bennett (spesialis-landboukundige), het uitgebrei oor onderskeidelik kultivars vir verskillende streke en digitale tegnologie se groter rol in plaaslike landbou. 🌱

# Swartland-boere kry raad oor toekoms

**SAAM MET BESOEKE AAN** proefpersele op die Wes-Kaapse departement van landbou se navorsingsplaas Langgewens buite Moorreesburg het die Swartland-kleingraanontwikkelingsgroep (Skog) tydens hulle jaarlike boeredag op langtermynsake van landbou in Suid-Afrika gefokus. Skog se komitee het prof Ferdi Meyer van die Universiteit van Pretoria en van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) as spreker gekies. Sy onderwerp was kerndryfkragte wat die langtermyn-mededingendheid van Suid-Afrikaanse landbou beïnvloed.

Gerhard Scholtemeijer, uitgetrede voorsitter van die Proteïennavorsingstigting, het in sy verwelkoming gesê die Swartland beleef 'n goeie jaar na die vorige moeilike jare. Die boeredag is in September 2018 gehou. Hy het die produsente voorspoed toegewens met hulle aktiwiteite en ook sy uittrede by Skog aangekondig.

Die groot groep produsente en verteenwoordigers van insetverskaffers, landbou- en ander maatskappye, die Wes-Kaapse departement van landbou en bedryfsorganisasies het lesings by proefpersele ontvang. Die temas is verdeel in gewas- en kultivarkeuse, bemesting, bewerking, oesbeskerming en boerderystelsels.

Ligte vlae reën tydens die groepbesoeke aan proewe het Gert Conradie, bestuurder van Skog en self 'n navorser, se noukeurige beplanning effens deurmekaar gemaak maar dit het die besoekers se gemoedstoestand verder verlig. ♡



Elsabet Wessels van Cengen.



Prof Ferdi Meyer van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid was die spreker by die Swartland-kleingraanontwikkelingsgroep (Skog) se boeredag. Saam met hom is Skog se uittredende voorsitter, Gerhard Scholtemeijer van die Proteïennavorsingstigting en Gert Conradie van die Wes-Kaapse departement van landbou, en bestuurder van Skog.



Wouter Bester van Klipheuwel, Nico Mostert van Philadelphia en Andries Louw van Klipheuwel.



Izane Legonie Crous van SOILL en Annemarie van der Merwe van die Wes-Kaapse departement van landbou het die vordering met 'n bemestingsproef in 'n bewaringstelsel uiteengesit.

# Afrika se aanwas en ekonomie is uit pas

**L**ANDE MET STERK EKONOMIESE groei en 'n lae bevolkingsaanwas se inwoners gaan "luukser" voedselvoorkeure hê. Met tegnologiese ontwikkeling gaan die wêreld se landbouers wel in staat wees om genoeg voedsel te voorsien, sê prof Ferdi Meyer van die Universiteit van Pretoria en van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP).

Hy het op die Swartland-kleingraanontwikkelingsgroep (Skog) se boeredag by Moorreesburg gesê wanneer lande se verhouding tussen bevolkingsgroei en ekonomiese groei vergelyk word, is Afrika een van die uitsonderings.

Afrika het steeds 'n enorme bevolkingsgroei koers en lae ekonomiese groei. In die BFAP se projeksie vir die volgende dekade voorsien die Buro se navorsers dat dié wanbalans gaan voortduur. Benewens in enkele Afrika-stede, is inwoners se dieet steeds op stapelvoedsel gerig.

Met verwysing na die Suid-Afrikaanse situasie sê prof Meyer te midde van baie onsekerhede het die BFAP die dryfkragte geïdentifiseer wat 'n rol in die land se toekoms speel. Dit sluit politieke stabiliteit, die rol van wêreldmarkte, die plaaslike demografie en die wisselkoers in. Landbouproduktiwiteit, beleggings in landbou en beskerming van natuurlike hulpbronne is ook dryfkragte wat in aanmerking geneem moet word.

Groeiende landboumarkte word voorsien vir hoenders, varke en beeste. Omdat lewende hawe so 'n groot bedryf is, het voorvalle soos siektes en droogtes 'n rimpel-uitwerking op ander landboubedrywe. Suid-Afrika se uitvoerbedrywe lewer 'n positiewe bydrae tot die ekonomie. Wanneer landbou se omset daal, soos in die tweede kwartaal van 2018, moet dit volgens prof Meyer in perspektief beskou word.

Hy beskou dié daling as seisoenaal omdat faktore soos die droogte en kudde-bou in die veebedryf, 'n kleiner mielieoes met 'n groot oordragvoorraad en die Wes-Kaap se droogtejare 'n rol gespeel het. Die BFAP verwag dat landbou in die volgende dekade stadiger gaan groei omdat dieselfde met die ekonomie gebeur. Producente wat egter hul produktiwiteit verhoog gaan in 'n beter posisie wees.

Prof Meyer het na suksesbedrywe soos oliesade verwys wat



**Francois Marais van die Wes-Kaapse departement van landbou saam met Norman de Jager van Nutri Quest en Lean Hanekom van Nulandis.**



**Franklin Smith en Charles Smith.**

toenemend aan Suid-Afrika se behoefte vir oliekoek voorsien. Wanneer die vervaardiging van oliekoek uit kanola, sonneblom en sojabone in 2007, 2017 en verwagtinge vir 2027 vergelyk word, verhoog plaaslike produksie aansienlik en daal invoer dienooreenkomstig.

Hy sê weens die veevoerbedryf se aanvraag kan kanola-aanplantings verder uitgebrei word. Hoewel die verbruik van koring plaaslik toeneem, is die wêreldwye groei baie min. Suid-Afrikaanse kleingraan speel nie 'n rol op die wêreldmarkte nie maar word deur die wisselkoers bevoordeel. Ander lande produseer koring teen baie lae koste en veroorsaak sterk mededinging vir plaaslike kleingraanprodusente.

Prof Meyer het 'n ontleding van die BFAP gegee wat wys hoe boerderye in drie streke in die Wes-Kaap se samestelling tussen 2013 en 2017 verander het. In die Overberg is meer voer en weiding geplant en die oppervlak met kontantgewasse het bykans dieselfde gebly. Aan die Weskus het onbewerkte lande toegeneem, aanplantings van voer en weiding het baie afgeneem en kontantgewasse ongeveer dieselfde gebly.

Met verwysing na die onsekerheid wat grondhervorming skep, sê prof Meyer dit is vir Suid-Afrika belangrik dat die land 'n inklusiewe ekonomie kry waarin eiendomsreg behou word, anders gaan beleggings nie plaasvind nie. Suid-Afrika kan met 'n ekonomie waarin meer mense die welvaart deel, sukses behaal. Op die oomblik het die land 'n gekonsentreerde ekonomie waarin 'n klein groepie inwoners die grootste deel van die inkomste verdien. 📌

# Steenbok-koring is baie belowend in die Swartland

**NA VIER JAAR SE** opbrengsproewe kan LNR-Kleingraan sy nuwe koringkultivar Steenbok met vrymoedigheid vir die Swartland se graanboere aanbeveel. Tydens die Swartland-kleingraanontwikkelingsgroep (Skog) se boeredag by Moorreesburg het twee navorsers van LNR-Kleingraan, Henzel Saul en Willem Kilian, die proefresultate uiteengesit.

Die data het getoon dat Steenbok uitstekend aangepas is vir toestande in die Swartland. Dit is ook baie mededingend met huidige beskikbare kultivars, selfs onder moeilike en droë seisoene soos in 2017.

Steenbok is 'n toevoeging tot die LNR se bestaande kultivars Ratel en Tankwa. Die kultivar het 'n kort groeitydperk en het goeie strooisterkte, pitvastheid en uitloopweerstand. Met die opbrengsproewe oor vier jaar is Steenbok ingesluit by beskikbare kommersiële kultivars en in sowel die Swartland as Rûens beproef.

Steenbok het matige weerstand teen blaar- en stamroes maar is vatbaar vir streeproes.

Blaarroes, stamroes, streeproes en witroes is sommige van die bekendste swambesmettings wat jaarliks onder koring voorkom. Hoewel bespuitings jaarliks gedoen word, help dit volgens die navorsers indien 'n kultivar matige weerstand teen hierdie swambesmettings het omdat dit minder bespuitings vereis.

Die LNR se fokus op nuwe en verbeterde koringkultivars het in die afgelope jare verskuif na kultivars met uitsonderlik hoë opbrengs. Die vrystelling van lyne met hoë opbrengs is 'n langtermyndoelwit, aangesien die gemiddelde genetiese verbetering van koring volgens die navorsers slegs ongeveer 0,7 tot 1,3% per jaar is.

"Koring se genetiese verbetering maak slegs 'n deel uit van die opbrengspotensiaal," het Kilian en Saul aan Skog se besoekers verduidelik. "Die omgewing en bestuur van byvoorbeeld wisselbou, bemesting en onkruid- en swambeheer, kan 'n drastiese invloed hê op die kultivar se finale opbrengs." 🌾



Lisa Smorenburg (middel) gesels met Johann en Christi Loubser van Moorreesburg oor dekgewasmengsels.



Henzel Saul en Willem Kilian van die LNR-Kleingraan het verduidelik hoe kultivars in die Wes-Kaap se onderskeie evalueringssproewe presteer het.



André Louw van Riebeeck-Wes, Jaco Greyling van Ceres, Cedric Stoch van Malmesbury en Pietie Visser van Hermon.



Dr Johann Labuschagne van die Wes-Kaapse departement van landbou in 'n bemestingsproef.



Dr Johann Strauss (middel) verduidelik die navorsers se waarnemings by een van die wisselbouproewe op Langgewens. Sy mede-navorsers is Rens Smit (links, MSc-student van Stellenbosch) en Gert Conradie (regs), onkruidnavorsers van die Wes-Kaapse departement van landbou.



Lisa Smorenburg besig met 'n lesing oor dekgewasmengsels vir die Swartland.



Zander Spammer van SOILL, Gerhard Scholtemeijer van die Proteïennavorsingstigting en Jaco Kellerman van Barenbrug.



Verteenwoordigers van Agricol by die saadmaatskappy se proewe op Langgewens in die Swartland: Jackie Swart (advertensie- en be- markingskoördineerder), Nico Bouwer (verkoopsbestuurder Piket- berg-tak) en Jan Botes (verkoopsbestuurder Swellendam-tak).




**ReMaCon**  
Products.cc



**Install 120m of 4m high wall  
in under 8 hours!**

YFEL - A free standing flexible option for dry bulk material separation, such as grain, fertiliser & minerals (pictured below).  
The YFEL is currently being used by Consol Glass, Grindrod, Afgri and GWK among others.



The YFEL is movable and fast to erect with a carrier attachment for forklift. YFEL's can be easily moved around to create or change bunker shape and lengths, or loaded onto trucks and relocated to other premises.

ReMaCon Products  
Contacts: Christopher Cosgrove  
Cell: 082 880 0184  
Tel: 011 393 5504  
Email: Christopher@remacon.co.za  
Website: www.yfel.co.za

Lategan's Sementwerke (Edms) Bpk  
Tel: 021 873 1154  
Email: sales@lategans.co.za  
Website: www.lategans.co.za

# Graanlaboratorium onderskei hom met standarde en erkenning

**DI**E SUIDER-AFRIKAANSE Graanlaboratorium (SAGL) het sy relevansie en reputasie as 'n voorkeur-verwysingslaboratorium sowel plaaslik as internasionaal herbevestig. Die Laboratorium onderskei homself deur prosedures en metodes vir geloofwaardige en kwaliteit ontledingsresultate te gebruik wat internasionaal erken word, sê die voorsitter van SAGL se raad van direkteure, Boikanyo Mokgatle.

In sy voorsittersverslag van die SAGL se 21e jaarvergadering het mnr Mokgatle gesê die SAGL is daaraan toegewy om tot Suid-Afrika se voedselveiligheid en stelsels vir kwaliteitsbeheer by te dra. Die Laboratorium sal voortgaan om die bedryf se internasionale mededingendheid te ondersteun en te bevorder.

“Die waarde van landbouprodukte is verbind tot produkte se kwaliteit en veiligheid en dit word met metings verkry wat in laboratoriums soos die SAGL uitgevoer word. Waardestelsels en akkrediasie wat internasionaal erken word sorg dat die SAGL se ontledingsresultate gelykstaande is aan ander lande se ontledings en deur hulle erken word,” sê mnr Mokgatle. “Belangrike ekonomiese

en veiligheidsbesluite word met hierdie resultate geneem.”

Deurlopende skakeling met rolspelers sorg dat die SAGL 'n goeie begrip het van markvereistes vir voedsel en voer se kwaliteit en veiligheid. Met sulke inligting word toegang tot markte met hoë waarde verhoog.

Die Laboratorium se hoofokus is steeds oes kwaliteit en oesbeskerming. Die oes kwaliteit van verskillende graan- en oliesaadkommoditeite en gepaardgaande voedsel en voerprodukte word by die SAGL ontleed. Die afdeling vir oesbeskerming wat in 2017 by die SAGL gevestig is kan volgens internasionale vereistes van die landbou-chemiese bedryf ontledings vir die registrasie van nuwe produkte uitvoer. Die Laboratorium verskaf ook toetsdienste in ooreenstemming met internasionale vereistes vir verpakking en etikettering.

Sowat 'n derde van die SAGL se inkomste word verkry deur ad hoc-toetse, ringtoetse en landlaboratoriumopleiding. Die Mielietrust sorg vir 19% van die inkomste en die Wintergraantrust vir 17%. Ander inkomstebronne is afkomstig uit die afdeling vir oesbeskerming en



**Martie Meyer (middel) het die afgelope agtien jaar aan die hoof gestaan van die SA Graanlaboratorium se rekenkundige afdeling en elke jaar 'n ongekwalifiseerde ouditeeringsverslag ontvang. Sy het in 2018 afgetree en is deur die SAGL se raadsvoorsitter, Boikanyo Mokgatle (links), en die bestuurder, Wiana Louw, vir haar dienste bedank. Twee personeellede, Japhta Modise en Daniël Msi-za, het ná twintig jaar diens by die SAGL afgetree.**

van koringtelers.

Volgens die SAGL se raad van direkteure is die onderneming in 'n gesonde finansiële posisie met toegang tot vol-doende fondse. Die SAGL is 'n maatskappy sonder winsbejag.

Mnr Mokgatle het landboutrusts bedank vir hulle bystand en volgehoue ondersteuning. 🙌

## SA Graanlaboratorium se raad van direkteure

**DI**E SUIDER-AFRIKAANSE Graanlaboratorium (SAGL) se raad van direkteure vir 2018/19 is tydens die algemene jaarvergadering aangewys. Sewe bedrywe wat by die SAGL se dienste betrokke is en as rolspelers kwalifiseer, nomineer die direkteure. Boikanyo Mokgatle is herkies as voorsitter vir die termyn en die ondervoorsitter is De Wet Boshoff.

Die bedrywe en verteenwoordigers is die volgende:

Bakkersbedryf – Geoff Penny

Teling – Arthur Schröder en André du Toit

Produksie – Derek Matthews (mielies), dr Marinda Visser (koring), Gerrit Roos (sojabone), Jannie de Villiers (alternatiewe direkteur)

Verwerking – Boikanyo Mokgatle (mielies), Kevin Clarke (koring)

Verwerking – De Wet Boshoff (veevoer)

Navorsing – dr Erhard Briedenhann (dagbestuurslid)

Opberging – Mariana Purnell (dagbestuurslid)

Handel – Dirk Kok. 🙌

# Grondgesondheid: Die belangrikste skakel in volhoubare voedselproduksie

**Grondgesondheid dui op die grond se vermoë om optimaal te funksioneer om plante, diere en mense te onderhou.**

**N**GRONDKUNDIGE VAN die Landbounavorsingsraad se kampus vir grond, klimaat en water, Corrie Swanepoel, bereken dat slegs 4% van Suid-Afrika se grond oor meer as 2% organiese materiaal beskik, wat dit as vrugbare grond klassifiseer. Boonop bevat meer as 60% van Suid-Afrika se grond minder as 'n halwe persent organiese materiaal.

Met uiterste klimaatstoestande en verhoogde eise vir voedselproduksie en -verwerking weens bevolkingsgroei, word grond as beperkte natuurlike hulpbron bedreig. Dit beklemtoon die belangrikheid om volhoubare bewaringsboerdery-praktyke toe te pas. Hierdie benadering fokus op die bevordering van natuurlike prosesse en biologiese stelsels om grond se ekosisteme optimaal te benut.

Dit is alombekend dat gesonde grond die perfekte balans handhaaf tussen biologiese, chemiese en fisiese eienskappe van die grond. In die verlede is grondvrugbaarheid hoofsaaklik uit 'n chemiese oogpunt bestuur, met grondontledings en die toediening van chemiese middels om enige tekortkominge aan te vul. Bo en behalwe die koste van chemiese middels lei hierdie eensydige benadering ook tot 'n ongunstige uitwerking op die omgewing: dit is 'n duur prys om te betaal.

Met 'n benadering wat biologiese bestuurspraktyke insluit, beoog Nexus<sup>AG</sup> om produsente se volhoubare sukses te bevorder. Eenvoudige en praktiese stappe kan geneem word om grondgesondheid op omgewingsvriendelike maniere te verbeter.


## Gesonde grond is altyd bedek

'n Deklaag voorkom erosie, grondverdigting en verdamping, wat tot die regulering van grondtemperatuur bydra. Dit skep ideale omstandighede vir komplekse ekosisteme. Ekosisteme huisves onder meer erdwurmpopulasies, wat jaarliks tot soveel as 800 kg droë materiaal in waardevolle organiese materiaal kan verwerk, wat as plantvoedingstowwe deur plante geabsorbeer kan word.


'n Deklaag beperk ook onkruidgroei, wat daardie insetkoste verminder. Die keuse van die regte dekgewas hang gevolglik af van verskeie faktore wat die spesifieke behoeftes van die grond en die toekomstige gewas wat daar geplant gaan word, in aanmerking neem.

Gesonde grond bevat stabiele organiese materiaal wat water en voedingstowwe absorbeer en opberg. Dit reguleer die voginhoud deurlopend en gee die gewas die beste kans om te floreer. Die VSA se departement van landbou berig 'n toename van 38 500 liter grondwater per hektaar vir elke 1% toename in organiese materiaal, wat die belangrikheid hiervan beklemtoon.

Nexus<sup>AG</sup> se persoonlike belang in produsente se sukses dien as motivering vir produsente se volhoubare vooruitgang. Die



**Figuur 1: Deurlopende monitoring van grondgesondheid kan die effektiwiteit van die bestuursprogram evalueer.**



**Figuur 2: Grondgesondheidsevaluasies kan as bestuurshulpmiddel gebruik word om verskillende bestuurspraktyke te vergelyk.**

maatskappy se span gewasadviseurs kan waarde toevoeg deur die eerste stappe van 'n langtermynvisie van biologiese bestuur saam met die produsent te neem. Die proses begin met 'n volledige evaluasie van grondgesondheid. Hierdie inligting dui oor tyd die volhoubaarheid van die bestuurspraktyke aan en dit dien as bestuursmiddel om die doeltreffendheid van verskillende bestuurspraktyke te ondersoek.

Nexus<sup>AG</sup> het 'n reeks produkte en dienste wat aangepas word vir die produsent se eiesoortige omgewing en boerdery se omstandighede. Dit sluit die jongste tegnologie van grondmonsterneming en grondkartering in, asook die vertolking van hierdie data, wat vervat word in 'n bestuursplan vir kort- en langtermyn-grondgesondheid.

Die aanvanklike opname vorm ook die belangrike maatstaf waarteen toekomstige data vergelyk kan word om vordering te bepaal en ook om aanpassings te maak om die grondgesondheid doeltreffend te bestuur.

Die omvang van Nexus<sup>AG</sup> se kennis en ervaring word versterk deur die maatskappy se netwerk internasionale en plaaslike vervaardigers om die beste produkte en diens aan produsente te lewer.

Vir meer inligting oor geïntegreerde gewasbestuursprogramme, skakel Nexus<sup>AG</sup> by 021 860 8040 of besoek [www.nexusag.net](http://www.nexusag.net).

# Vervaardiging van koringprodukte



Sanet Naudé en Nico Hawkins  
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

**Koringmeel** (2018/'19-bemarkingsjaar – progressief 1 Oktober tot 30 November 2018)

- Vir die twee maande van 1 Oktober af tot 30 November 2018 is 593 966 ton heelkoring gemaal.
- Hieruit is 477 673 ton koringmeel vir menslike verbruik vervaardig. **Tabel 1** toon die hoeveelhede vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.
- Witbroodmeel was 32,6% (195 736 ton) van die totale meelproduksie, koekmeel was 30,6% (183 662 ton) en bruinbroodmeel 11,8% (71 080 ton) (**Figuur 1**).
- Semels, waarvan die meeste weer vir bruinbroodproduksie ingemeng word, beloop 20,5% (123 450 ton) van die totaal.
- Altesaam 4 007 ton koringprodukte is ingevoer en 5 601 ton uitgevoer
- **Figuur 2** toon die hoeveelhede brood wat per bakkeriegroepering gebak is. Supermarkte (kettingwinkels) asook bakkeriegroepe (aanlegte) dien een opgawe in vir al hul produksie-eenhede. Onafhanklike supermarkte (soos Spar en OK) se opgawes word individueel of gesamentlik ingedien volgens hul konsessie-ooreenkoms, terwyl onafhanklike bakkerie (in privaatsesit) nie deel vorm van 'n groep nie en gevolglik hul eie opgawes aan SAGIS verskaf.

## Panbrood

- In die eerste twee maande van die 2018/'19-bemarkingsjaar is 393,9 miljoen panbrode gebak, wat 7,4% meer is as in dieselfde tydperk van 2017. Dit is 196 miljoen brode per maand of 43,7 miljoen brode per week.
- **Tabel 2** toon die vergelykende hoeveelhede vir die ooreenstemmende tyd van die vorige jaar.
- Bruinbrood het 49,6% (195 458 968) van die totale getal brode verteenwoordig, gevolg deur witbrood met 48,8% en heelgraanbrood met 1,3% (**Figuur 3**).
- 75,9% van alle gebakte witbrood en 70,7% van alle bruinbrood was eenhede van 700 g. By die ongespesifiseerde gewigte ("Ander") was volkoringbrood (heelgraan) die gewildste (**Figuur 3**).
- Volgens Statistieke SA het 'n witbrood van 700 g in November 2018 R13,17 gekos. Dit is 1,9% duurder as in November 2017, terwyl 'n bruinbrood van 700 g R11,80 gekos het, wat 0,6% goedkoper is as 'n jaar gelede (**Tabel 3**).

Meer inligting kan by die volgende skakel op SAGIS se webtuiste verkry word: [www.sagis.org.za/products](http://www.sagis.org.za/products).


Tabel 1: Koringprodukte per maand vervaardig.

Rapportering volgens heelgraan bemarkingseisoen: Okt-Sep	2017/'18 Okt '17 - Sep '18 (12 maande)	2017/'18 Progr. Okt - Nov '17 2 maande)	2018/'19 Progr. Okt - Nov '18 (2 maande)	% Jaar op jaar
	Vervaardig			
	Ton			
Koekmeel	884 754	161 404	183 662	13,8
Bruisemeel	17 169	3 437	3 592	4,5
Witbroodmeel	1 139 270	190 450	195 736	2,8
Bruinbroodmeel	408 574	68 081	71 080	4,4
Ander meel (Industrieel)	121 959	24 962	20 776	-16,8
Volkoringmeel	3 196	781	555	-28,9
Semels	653 359	112 508	123 450	9,7
Semolina	18 675	5 696	2 272	-60,1
<b>Totaal produkte</b>	<b>3 246 956</b>	<b>567 319</b>	<b>601 123</b>	
<b>Totaal heelkoring gemaal</b>	<b>3 280 581</b>	<b>559 698</b>	<b>593 966</b>	

Tabel 3: Produkpryse.

		November		
		2018	% Jaar op jaar	2017
		Prys R		Prys R
Witbrood	700g	13,17	1,93	12,92
Bruinbrood	700g	11,80	-0,59	11,87
Koekmeel	1kg	12,56	0,00	12,56
Broodmeel	1kg	13,23	5,00	12,60

Bron: Statistieke SA




Figuur 1: Koringprodukte in tonnemaat Okt - Nov 2018.




Tabel 2: Pangebakte brode.

	2017/18	2017/18	2018/19	% Jaar op jaar
	Totaal Okt '16 - Sep '17 (12 maande)	2017/18 Progr. Okt - Nov '17 (2 maande)	2018/19 Progr. Okt - Nov '18 (2 maande)	
Eenhede				
<b>Witbrood</b>				
400g	1 853 112	438 252	275 810	-37,07
600g	249 786 185	40 584 113	44 369 301	9,33
700g	854 894 428	137 967 469	146 081 865	5,88
Ander	9 640 665	1 775 780	1 666 518	-6,15
<b>Totaal</b>	<b>1 116 174 390</b>	<b>180 765 614</b>	<b>192 393 494</b>	<b>6,43</b>
<b>Bruinbrood</b>				
400g	849 906	141 997	134 645	-5,18
600g	302 599 870	46 690 591	54 157 668	15,99
700g	804 757 986	130 521 961	138 155 462	5,85
Ander	17 726 307	3 138 234	3 011 193	-4,05
<b>Totaal</b>	<b>1 125 944 069</b>	<b>180 492 783</b>	<b>195 458 968</b>	<b>8,29</b>
<b>Heelgraan</b>				
400g	14 648	2 528	2 748	8,70
600g	576 869	90 807	102 434	12,80
700g	6 032 000	955 200	1 013 079	6,06
Ander	23 390 073	3 930 397	4 069 153	3,53
<b>Totaal</b>	<b>30 013 590</b>	<b>4 978 932</b>	<b>5 187 414</b>	<b>4,19</b>
<b>Ander</b>				
400g	66 094	9 865	11 706	18,66
600g	290 477	46 881	78 629	67,72
700g	136 163	20 417	22 039	7,94
Ander	3 049 373	608 381	809 885	33,12
<b>Totaal</b>	<b>3 542 107</b>	<b>685 544</b>	<b>3 380 581</b>	<b>34,53</b>
<b>Totaal</b>	<b>2 275 674 156</b>	<b>366 922 873</b>	<b>393 962 135</b>	<b>7,37</b>



Figuur 2: Pangebakte brood per soort (eenhede) Okt - Nov 2018.



Figuur 3: Pangebakte brood volgens bakkerijgroepering (2017/18).

# SAB mik steeds na meer plaaslike inhoud

**VYF EN NEGENTIG PERSENT** van die grondstowwe wat SAB vir die produksie van bier benodig, word plaaslik verkry. Die brouery en sy moedermaatskappy AB InBev mik daarna om dié persentasie met behulp van boere na 100 te verhoog, sê David Hauxwell, ondervoorsitter van AB InBev se grondstofverkryging in Afrika.

Tydens SAB se toekennings-boeredag op Hartswater het Hauxwell gesê die maatskappy wil seker maak garsproduksie is lonend vir besproeiingsboere. Hy het die boere terselfdertyd gevra om meer hektare gars te plant en om vir die werkers en vir die omgewing te sorg.

Vaughn Croeser, Castle-bier se handelsnaambestuurder, het boere se belangrike rol in SAB se sukses beklemtoon. Enige projek om die verbruik van bier te verhoog of 'n spesifieke bier te promoveer is volgens Croeser nutteloos sonder boere se bydrae. Castle is een van die min biersoorte ter wêreld wat daarop aanspraak kan maak dat dit 100% plaaslik geproduseer word.

Gawie Kotzé, SAB se landboubestuurder in besproeiingsgebiede, het die boeredag as 'n viering van boerdery en van waardering teenoor boere beskryf. Die brouery se mikpunt is om teen 2021 alle benodigde gars in Suid-Afrika te verbou.

Met Hartswater as die kern van garsproduksie in noordelike besproeiingsgebiede word sodat 60 000 ton jaarliks verbou. Daarvan is sowat 7 000 ton van ontwikkelende boere afkomstig. Hulle lewer ook mielies wat SAB in die brouproses benodig.

Tydens die boeredag op SAB se proefplaas 5J11 het die groot groep kommersiële en ontwikkelende boere geleentheid gehad om na verskillende proewe te kyk en na kundiges te luister oor wat gedoen word om produksie en kwaliteit te verbeter. Klem word toenemend geplaas op doeltreffende watergebruik sonder om kwaliteit en opbrengs in te boet.

SAB se proefplaas word deur die garstelingsinstituut SABBI vir kultivarteling gebruik. Hulle werk sluit proefnemings met bemesting, plantdigtheid en besproeiing in. Die proefnemings sluit werk vir alle garskeikers in en is nie tot Suid-Afrikaanse garsproduksie beperk nie. ♣



Verskillende groeireguleerders word aangewend om te bepaal of die opbrengsverhoging by gars lonend is vir bykomende produksiekoste. Dit bestaan uit sogenaamde "sagter" chemikalieë. Produkte van Syngenta en BASF word onder meer gebruik.



Verteenwoordigers van verskillende groeperinge in die produksie van bier het SAB se boeredag op Hartswater bygewoon. Sommige van hulle is Frikkie Lubbe (SAB landboubestuurder in droëland), Josh Hamman (SAB landbou-ontwikkeling in Afrika), Gawie Kotzé (SAB landboubestuurder in besproeiing), Rens van der Watt (SABBI teler), Hennie Cloete (SAB landboukundige in besproeiing), Burrie Erasmus (SAB landbou-ontwikkelingspesialis) en Nicolas Towle (AB InBev direkteur).



Twee verteenwoordigers van Afgri, Hermann Oelermann en Piet Claase, ontspan by die boeredag.



SAB bemark gegeurde broshappies wat van afval-graanstof gemaak word vir 'n beperkte tydperk as 'n proefneming. Die Castle Better Bites bestaan onder meer uit koringmeel, moutgars, hawermout en mielies. Die opbrengs gaan vir die ondersteuning van ontwikkelende landbouers. Dit word uit Nederland ingevoer.

# Gars se wenboere in besproeiing aangewys

**M**ET 'N OPBRENGS VAN bykans 10 ton gars per hektaar onder besproeiing het Dewald Dempers met SAB se toekenning as kommersiële besproeiingsprodusent van 2018 weggestap. Sy prestasie is onder meer gemeet aan opbrengs en gehalte.

Die brouery het tydens 2018 se boeredag in Hartswater verskeie toekennings aan besproeiingsboere oorhandig. Hulle het die geleentheid as 'n viering van boerdery en van waardering teenoor boere bestempel.

Die ontwikkelende boer van die jaar is 'n vroulike boer, Vivian Seboko. Ook in haar geval is opbrengs en gehalte saam met ander maatstawwe vir die toekenning in aanmerking geneem.

Frank Lawrence van Idstone Farming het 'n toekenning ontvang as een van die eerste garsprodusente wat 'n kontrak met SAB onderteken het en vir "die ekstra myl" wat hy saam met die brouery gestap het.

Uit erkenning vir sy lewenslange bydrae tot die garsbedryf het nog 'n pionier-garsprodusent, Louis Olivier, 'n toekenning ontvang. Die meeste van SAB en Sabbi se garsproefnemings en boeredae het jare lank by Olivier plaasgevind voordat SAB sy eie proefplaas bekom het.

Die toekennings is deur David Hauxwell van AB InBev en Josh Hamman van SAB oorhandig. ♡



Sowat 80% van 2018 se garsaanplantings onder besproeiing was van die kultivar Overture. Dit het altesaam 7 128 ha beslaan. Cristalia was sowat 11% van die aanplantings en die eksperimentele kultivar Genie 1%.



Dewald Dempers (middel) van Dewald Dempers Boerderytrust het SAB se toekenning as kommersiële besproeiingsprodusent van 2018 ontvang. Saam met hom is Josh Hamman van SAB (links) en David Hauxwell van AB InBev.



Frank Lawrence (middel) van Idstone Farming het 'n toekenning by SAB ontvang vir uitnemendheid en die boerdery se beduidende bydrae tot die bedryf. Josh Hamman van SAB (links) en David Hauxwell van AB InBev het die toekenning oorhandig.



In Louis Olivier se afwesigheid het sy seun GP Olivier (middel) 'n toekenning ontvang vir Louis se lewenslange bydrae tot die garsbedryf. David Hauxwell (regs) van AB InBev het die sertifikaat oorhandig terwyl Josh Hamman van SAB (links) toegekyk het.



Vivian Seboko van Taung (middel) was die eerste vroulike garsprodusent wat SAB en AB InBev se toekenning as die beste ontwikkelende produsent ontvang het. Saam met haar is Josh Hamman van SAB (links) en David Hauxwell van AB InBev.

# Kleinboere kry bystand in garsproduksie

**M**EER AS 'N HONDERD ontwikkelende boere produseer gars vir SAB in die Noord-Kaapse besproeiingsgebiede rondom Hartswater en Taung. Met beperkings soos klein boerdery-eenhede, ondoeltreffende besproeiing en gemeenskaplike grondbesit produseer hulle tans sowat 7 000 gars jaarliks.

SAB het 'n groep mediaverteenwoordigers na die boere geneem wat sedert 1991 saam met kommersiële boere deur die brouery ondersteun word. Hulle is beperk tot boerdery-eenhede van 7,5 tot 10 ha groot en die meeste maak van pyplynbesproeiing gebruik wat arbeidsintensief is. Sommige deel die oppervlak onder 'n spilpunt.

Hulle word bygestaan deur SAB se landboukundige op Taung, Johannes Kokome, en deur Gawie Kotzé, SAB se landboubestuurder in besproeiingsgebiede. 'n Afdeling van SAB, Farmsol, bestuur die ontwikkelende boere onder aanvoering van hulle landboukundige, Ben Wolhuter.

Benewens ondoeltreffende besproeiing en 'n beperking op uitbreiding het hierdie boere te doen met tipiese probleme wat op gemeenskaplike boerderygrond voorkom, soos vee wat die aanplantings verniel. Farmsol is met die ondersteuning van SAB besig om soveel van die beperkings as moontlik te bestuur. SAB het byvoorbeeld R2 miljoen bestee om besproeiingstelsels te verbeter. 🌱



Gawie Kotzé (links) luister na 'n ontwikkelende boer van Tsediso, Herbert Pico. Ondanks belowende oesvoorsigte was Pico bekommerd oor sy gars se opbrengs.



Johannes Kokome (links), SAB se landboukundige raadgewer vir ontwikkelende boere, saam met Richard Segwai, 'n produsent van Tsipeng. Richard sê meer grond sal die ontwikkelende boere help om wins te maak. Beskikbare grond is egter 'n beperking.



Frikkie Lubbe (regs) van SAB saam met garsproducers: Chris Shergold, Derick Payne, Otto von Molendorff en Alan Shergold.



Mynard Kritzinger, Franco Holtshausen, Bennie du Plessis, Willem Vermeulen, Nico Ryke en Renier du Raan by Hartswater se garsboeredag.



Hennie Cloete, SAB landboukundige, saam met Juan Grobbelaar, Kooos Richard, Frank Lawrence en Nicolas Towle (AB InBev direkteur).

# 'Grond-spons' se voeding en vog verhoog opbrengste

Lemang Agricultural Services en AJ Multitech

**“WANNEER DIE PUT DROOG** is gaan ons die waarde van water leer ken.”

Die Suid-Afrikaanse boer begryp hierdie aanhaling deur Benjamin Franklin beter as die meeste mense. Weens die ergste droogtes in die geskiedenis het die waarde wat water as 'n kommoditeit inhou, die afgelope jare toeneemend duidelik geword.

Volgens dr Niko Wanders van die Universiteit van Utrecht kan die droogte-toestande toegeskryf word aan 'n sterk El Niño-effek, klimaatsverandering en die toenemende vraag na water. Van boere word nou verwag om voedselproduksie en -gehalte met minder water te verhoog.

Vir langtermyn-produktiwiteit en kwaliteit van gewasse teen minimum koste word nuwe tegnologie en volhoubare oplossings vereis. Die meeste van Suid-Afrika se landbougrond het 'n hoë infiltrasiekoers en 'n lae waterhoudingsvermoë. Dit het tot gevolg dat 70% van besproeiings- en grondwater, asook kunsmis en plantvoedingstowwe, deur die grond wegloog.

'n Volhoubare oplossing vir hierdie probleem is Polyter, wat oor 'n tydperk van 20 jaar deur die Franse landbou-ingenieur, Philippe Ouaki di Giorno, ontwikkel is. Dit kan water van tot 500 keer sy oorspronklike gewig opneem en skep nodules of waterpakkies onder 'n plant se wortels.

Die nodules tree soos mikrospone op wat vog van reën, besproeiing en grondwater en opgeloste kunsmis en plantvoeding voortdurend gedurende die lewensduur van drie tot vyf jaar absorbeer. Plantwortels kan die water en voedingstowwe wat deur osmose geabsorbeer word, onttrek.

Proefnemings met Polyter in Suid-Afrika het belowende resultate getoon. Dit is gedurende 2018 deur AFGRI se Lemang Agricultural Services en AJ



**Die stremming wat droogte meebring kan verlig word wanneer beskikbare grondvog en voedingstowwe opgeberg en geleidelik aan plante vrygestel word.**

Multitech (Edms) Bpk by AFGRI se plaas by Vastfontein uitgevoer.

Polyter is spesifiek ontwikkel om die afhanklikheid van waterhulpbronne te verminder. Die produk is aan die voerpunt van superabsorberende polimeer-tegnologie in die landbou. Dit is 'n korrelstof wat uit 95% sellulose, 5% kaliumpoliakrilaat, stikstof (N), fosfor (P), kalium (K) en spoorelemente bestaan. Dit bevat ook ses ander spoorelemente in die nodules. Plantwortels heg natuurlik aan hierdie nodules, wat soos mikrospone is.

As gevolg van absorpsie word water en voedingstowwe, wat gewoonlik sou wegloog, gekonsentreer en aan die plantwortels beskikbaar gestel. Dit skep vir plante 'n gunstige omgewing om te kan floreer. Die simbiose van Polyter en plante se wortelstruktuur veroorsaak dat plante dadelik vinniger ontwikkel, met 'n gesonde weerstand teen eksterne stremmingsfaktore soos droogte,

vloede, siektes, hitte en insekte. Beter voeding en meer plantenergie verhoog gevolglik gehalte en opbrengste.

Die produk is oor 'n tydperk van drie tot vyf jaar natuurlik bio-afbreekbaar in die grond. Dit het 'n domino-uitwerking van voordele vir die plant en die boer, wat die volgende insluit:

- 50% minder water
- 30% minder kunsmis en voedingstowwe
- bevat spoorelemente boor, koper, yster, mangaan, molibdeen en sink
- aansienlike toename in wortelontwikkeling (tot 120%)
- PH 6.5 – 7.0
- energiebesparing met besproeiing (pomp en toevoer)
- verminderde inset- en bedryfskoste
- verhoogde opbrengste
- verminderde groeytydperk
- verhoogde gewasgehalte
- verhoogde gewassiklusse per seisoen as gevolg van versnelde groei

## ‘Grond-spons’ se voeding en vog verhoog opbrengste

VANAF BLADSY 29

- bevorder ontkieming, hergroei en plantontwikkeling
- sowel sellulose as kaliumpoliakrilaat word in drie tot vyf jaar deur grondbakterieë verteer. (Cofrac 108-studie via ANSES in Europa – ‘n verpligte toets vir al die vervaardigers van superabsorberende polimere.)

Gedurende 2018 se wintermaande het AFGRI proefnemings met Polyter by Vastfontein uitgevoer. Die produk se water- en kunsmisbesparingsvermoë is op die proef gestel. Slaai en spinasie is in die proewe gebruik, aangesien die proef ook deel was van ‘n opleidingsprogram vir ontwikkelende boere.

Plante wat behandel is, het 50% minder water en kunsmis in vergelyking met die kontroleproef ontvang. Die gevolgtrekking was soos volg:

- Verhoogde wortelontwikkeling teenoor kontroleproef.
- Beter plantontwikkeling as kontroleproef.
- Beter produkgehalte en verhoogde opbrengs as kontroleproef.
- Behandelde plante het hoër pryse behaal.

### Ontleding van Polyter se samestelling deur Nvirotek se laboratorium.

N	0,72%
P	0,31%
K	1,41%
Ca	0,38%
Mg	0,06%
S	0,21%
Na	0,33%
Fe	672 mg/kg
Mn	35 mg/kg
Ca	15,7 mg/kg
Zn	27,3 mg/kg
B	41,9 mg/kg
Mo	1,39 mg/kg

- Alle resultate is behaal met 50% minder water en kunsmis.

### Kostedoeltreffend

Polyter se kostebesparing in ‘n boerdery beteken dat insetkoste aansienlik verminder kan word, wat groter winsmarges moontlik maak. Met Polyter is ‘n opbrengs selfs in die droogste toestande

moontlik, in vergelyking met plante wat nie daarmee behandel word nie. Dit verminder gevolglik die risiko’s verbonde aan droëlandproduksie. Plante se groeitydperk kan verminder word, waardeur die insetkoste oor tyd verlaag. Met verhoogde opbrengs en gehalte is beter pryse en inkomste vir die boer moontlik. Beter oeskwiteit laat boere ook toe om meer mededingend in uitvoermarkte te wees.

Weens Polyter se unieke eienskappe is dit vir alle plantspesies voordelig en kan gevolglik wyd in plaaslike landbou benut word. Dit kan droëland- en besproeiingsboere baat, boerdery met graan, groente, vrugte en neute. In die bosbou-, tuinbou- en wingerdbedryf kan dit bydra tot doeltreffender watergebruik en produksiemetodes. Polyter is ook geskik vir gebruik in hidroponiese en akwaponiese stelsels en vir rehabilitasie- en landskapprojekte.

Polyter bied nie net ‘n antwoord op die droogtevragestuk nie, maar is ook voordelig vir grondgesondheid. Die produk is ideaal vir die ontwikkelende boer en verseker voedselsekerheid en beter winsgewendheid. ♡

# Droogte is ‘n krisis, sê Agri SA

**T**HE MIDDE VAN krisisdroogtetoestande in die somerreënstreek word klimaatsvoorspellings vir die winterreënstreek met kommer dopgebou. Agri SA het in Januarie 2019 ‘n verslag vrygestel wat die droogte as ‘n “kolossale krisis” bestempel. Die verslag dui onder meer aan dat 31 000 werksverliese en R7 miljard skade sedert Januarie 2018 ervaar is.

“Die ekonomiese impak is uitermatig, maar ons moet ook aan die emosionele skade dink – mense verloor hulle werk en plase sluit op ‘n tyd wanneer ons juis voedselsekerheid moet verstewig en werkskepping benodig,” het Christo van der Rheede, Agri SA se adjunk- uitvoerende direkteur, met die verslag se vrystelling gesê.

Volgens Agri SA wag stygende voedselpryse, wanvoeding en voedsel-ongelykheid indien maatreëls nie vinnig ingestel word nie. Bedryfsorganisasies is bekommerd oor die uitwerking wat die droogte op kommoditeitspryse en gevolglik op boere en verbruikers gaan hê.

“Die droogte is ‘n kolossale krisis. Suid-Afrikaners wat die bekostigbare kos en drank geniet wat boere produseer, moet wakker skrik en besef voedselsekerheid en bekostigbare kos is in gevaar,” het Omri van Zyl, Agri SA se uitvoerende direkteur, gesê.

“Sedert die einde van 2015 het Agri SA se Droogteramp-



fonds meer as R18 miljoen bestee om boere, plaaswerkers en gemeenskappe te ondersteun. Ons doen weer ‘n beroep op die publiek om te help.”

Volgens Agri SA skep kos- en waterskaarsheid ‘n enorme risiko vir sosio-politieke stabiliteit. ‘n Gesamentlike poging is nodig om ‘n nasionale ramp af te weer. Die organisasie het in Januarie 2019 noodvergaderings beplan om te bepaal hoe om boere en plaaswerkers in droogtegeteisterde gebiede bes moontlik te ondersteun.

“Agri SA is reeds in samesprekings met verskeie rolspelers, insluitend die regering, finansiële instellings en landboubesighede gewikkel. Ons is dankbaar vir die ondersteuning van die publiek en ander organisasies wat poog om boere te help. Die publiek moet egter waaksaam wees en seker maak dat hul skenkings na ‘n geloofwaardige organisasie gaan en dat die skenkings opgevolg kan word. ♡

# JOU PAD NA SUKSES BEGIN MET 'N BETROUBARE VENNOOT



GRAIN MANAGEMENT



EQUIPMENT



LEMANG AGRICULTURAL SERVICES



UNIGRO FINANCIAL SERVICES



HINTERLAND



By **AFGRI** streef ons na volgehoue vooruitgang, ontwikkeling, vernuwing en selfs nog belangriker – die uitlewing van ons strewe na voedselsekerheid in Suid-Afrika en die res van die Afrika kontinent.

As jou landbouvennoot lewer ons omvattende dienste vir graanproduksie en berging. Ons dienste sluit finansiële ondersteuning en oplossings in, asook insette en gevorderde meganiese tegnologiese toerusting, gerugsteun deur kleinhandelaars landwyd. Lemang Agricultural Services is die helpende hand wat **AFGRI** na opkomende boere uitsteek om hulle landbouvaardighede met opleiding en raad en daad te help ontwikkel.

**AFGRI** – 'n lid van AGH (AFGRI Group Holdings).  
[www.afgri.co.za](http://www.afgri.co.za)



# VEELSYDIGE KULTIVARS OM DIE GAPINGS IN 'N VOERVLOEISTELSEL TE VUL



Voergewasse met hoëproduksie, drakrag en smaaklikheid vir 'n verskeidenheid diereproduksiestelsels. Geskik vir melk-, vleisbees- en skaapproduksie. Ideaal vir skaapooie om op te lam en vir die afronding van speenkalwers en lammers.

## ONS VOERGEWASPAKKET

Lusern	Intensiewe Grasse	Droëland Wintergewasse	Eenjarige Subtropiese Gewasse
Dormansieklasse 7 en 9, weiding en hooitipes	Eenjarige Raaigras Meerjarige Raaigras	Hawer Korog Stoelrog Japannese Radys	Voersorghum Tef



**PANNAR**<sup>®</sup>

*Saam boer ons  
vir die toekoms*<sup>™</sup>

infoserve@pannar.co.za  
www.pannar.com